# Dagstukkies

## Inspirerende Gedagtes uit Die Woord

VOLUME 1

Danie Nell

# DAGSTUKKIES

‘n Mens vind dat sekere tekse “uitstaan” bo ander in die Bybel.

Baie van hierdie tekste het jy in jou Bybel gemerk en van hulle met ‘n kleurpen ingekleur omdat dit so ‘n besondere woord vir jou op ‘n sekere tyd was. Jy het net gevoel dat die Here met jou persoonlik daaruit gepraat het. By van hierdie tekste het jy selfs ‘n datum geskryf, sodat jy kon onthou die tyd toe die Here met jou gepraat het uit Sy Woord.

Omdat daar vandag heelwat verskillende vertalings van die Bybel is, kry ‘n mens soms ‘n beter begrip van so ’n teks indien jy dit ook gaan lees in ander vertalings.
Ek wil sommige van die tekste wat vir my uitstaande was met jou deel en dan my persoonlike kommentaar daaroor gee, nadat ek dit ook in ander vertalings gelees het.

Vertalings wat ek gebruik het
Persoonlik lees ek meer in die ou vertaling van die Afrikaanse Bybel. Maar ek hou ook daarvan om in “The New King James” asook in “The Living Bible” te lees. Daar is tye dat ek lees in “Die Nuwe Afrikaanse vertaling” “Die Boodskap” en selfs ook in “The Amplified Bible”
Ek het die waarhede in elke teks probeer verwoord.
Miskien is dit ook vir jou ‘n seën soos dit vir my was.
God se Woord is mos altyd ‘n seën en ‘n lig vir ons pad!
Mag hierdie “Dagstukkies” vir jou iets beteken soos wat dit vir baie ander beteken het toe ek dit as ‘n Epos uitgestuur het.

Danie Nell, Jeffreysbaai (Desember 2012)
E-pos adres: dnell@inetcom.co.za

## Wees dankbaar

**1 Thes. 5:18** *"Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle"*

Hier staan nie dat ons "**vir alles moet dankbaar wees nie"** maar hier staan dat ons **"in alles"** dankbaar moet wees.

Ek onthou die aand toe ons as gesin verwelkom was as die nuwe leraar in Bloemfontein. Die kerkraad en hul vroue het ons ontmoet in die pastorie en 'n heerlike ete gegee. Ons meubels sou eers die volgende dag arriveer. Ongeveer 10h30, toe die meeste raadslede en hul vroue reeds weg was, het ons vertrek na waar ons die aand moes oorbly.

Niemand het my vertel van die lamppaal wat reg in die middel van die parkeer area was nie. My motor se agter ruit was vol wasem en ek het die lamppaal met mening getref. Hoe nie een van ons daardie aand beseer was nie, weet ek nie. Ja, daar was groot skade aan ons Colt motor. Maar toe ek uitklim om na die skade te kyk, met my Jeug pastoor langs my, het die volgende oor my lippe gekom: *"Loof die Here, ek weet die Here het ons na Bloemfontein toe gestuur, en selfs hierdie probleem sal meewerk ten goede."*

Een van my ouderlinge het die volgende oggend hiervan gehoor en hy was so aangegryp dat hy my dadelik gekontak het en al die koste vir die herstel van die motor betaal het.

Kom ons leer om "in alles" dankbaar te wees!

## Regverdige

**1 Petrus 3:12** *"Want die oë van die Here is op die regverdiges en sy ore tot hulle gebed..."*

Jy is 'n regverdige omdat Jesus jou sondes vergewe het en jy dus voor Hom staan sonder enige skuld!

Moenie toelaat dat die duiwel jou beroof van God se seën nie, deur jou te vertel dat jy nie waardig is nie.

Vir jou sê die Bybel:
Psalm 92:13 *"Die regverdige sal groei soos 'n palmboom..."*
Spr. 11:10 *"'n Stad juig oor die voorspoed van regverdiges..."*
Spr. 11:21 *"...die nageslag van die regverdiges sal vrygespreek word."*
Psalm 5:13 *"U laat dit goed gaan met die regverdige, Here, U goedheid beskerm hom soos 'n skild."*
Psalm 34:16 *"Die oë van die Here is op die regverdiges, en sy ore tot hulle hulpgeroep."*
Psalm 37:25 *"Ek was jonk (sê Dawid) ook het ek oud geword, maar nooit het ek die regverdige verlate gesien, of dat sy nadeslag brood soek nie."*

Regverdige, skoongewaste kind van God,
weet dat die Here met jou is.

## God se vrede

**Kolossense 3:15** *"En laat die vrede van God, ...in julle harte heers, en wees dankbaar."*

Die vertaling van hierdie teks in die "Amplified" Bybel sê dat God se vrede is soos 'n skeidsregter in ons harte. Dit lees soos volg: *"And let the peace (soul harmony which comes) from the Christ rule (act as umpire continually) in your hearts – deciding and settling with finality all questions that arise in your minds."*

Ons weet dat die skeidsregter se beslissing altyd finaal is, want as hy sy fluitjie geblaas het, moet ons luister.
Neem nooit 'n besluit wanneer jy gewaar God se vrede word in jou versteur nie. Luister na jou "binnekant" en gaan voort alleenlik as jy vrede het!

*In "Die Boodskap" vind ons die volgende woorde in Joh. 14:27 "Julle hoef nie bekommerd te wees nie. Ek los ook vir julle 'n geskenk wanneer Ek weggaan: Vrede! Moet dit egter nie verwar met die oppervlakkige vrede van hierdie wêreld nie. Dit is vrede wat iemand net by My kan kry. Daarom hoef julle nie gespanne of selfs bang te voel oor die toekoms nie."*

Neem dus nooit enige besluit indien jy nie vrede in jou hart het nie.

# God verander nooit

**Maleagi 3:6** *"Ek, die Here. het nie verander nie."*
**Hebreërs 13:8** *"Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid."*

Hierdie wêreld met al sy sisteme bly verander!
Radio, televisie asook koerante se nuusberigte skep vir almal meer onsekerheid as wat dit ons moed gee. Omtrent alles om ons is in wanorde.
Maar, loof die Here, ons as gelowiges het iets wat ons hoop gee en dit is "Die Here het nog nooit en sal nooit verander nie."
Die Here sal altyd jou <u>Voorsiener</u> bly asook jou <u>Geneesheer.</u>

Glo dit vir vandag ook vir jou genesing of die van jou gesin.
Onthou altyd dat die Here die laaste sê het oor 'n mens se lewe en nie eers die beste dokter nie.
God het nie 'n dubbel standaard nie. Hy sê nie die een ding vandag en iets anders die volgende dag nie. Die beloftes in Sy Woord sal altyd vasstaan.

Maak jou gedagte vas om te leef in die geloof en nie deur wat jy sien (of voel) nie. Glo onwrikbaar God se Woord, dan sal daar niks wees wat jou sekuriteit van jou kan neem nie.

Tel jou kop op en verwag net die beste van die Here.
Hy is 'n God wat altyd voorsien!

## Met vars olie gesalf

**Psalm 92:11** "Maar U verhoog my horing soos van 'n buffel; ek is met vars olie gesalf."

Wonderlik! Die Here gee my krag en outoriteit wanneer Hy my gesalf het met Sy Heilige Gees.

Elke keer wanneer Sy Gees op my gees kom sal dit 'n effek hê op hoe ek sien, hoe ek hoor asook my geestelike groei.

In vers 12 lees ons: *"En my oog sien met welgevalle neer op die wat my voorlê..."* Jy kyk nie met vernedering op hulle wat jou wil skade aandoen nie, omdat jy geestelik bo hulle is en jy hulle eintlik jammer kry.

En die tweede deel van hierdie teks sê: *"...my ore hoor van die wat teen my as kwaaddoeners opstaan."* Jy sal hoor hoe hulle verkeerd van jou praat maar dit sal jou nie ontstel nie. Jou ore sal daarvoor eintlik "doof" wees.

Dan vanaf verse 13 tot 15 roep Dawid uit: *"Die regverdige sal groei soos 'n palmboom...Geplant in die huis van die Here... en selfs in hul ouderdom sal hulle nog toeneem in krag en sal hulle fris en lewenskragtig wees!"*

Sorg dat jy vandag gesalf word met God se "vars olie"
Sodat jy kan hoor en sien soos Hy wil.
En natuurlik geestelik kan groei.

## Hy verbreek nie, maar herstel

**Matthéüs 12:20** "'n Geknakte riet sal Hy nie verbreek nie, en 'n lamppit wat rook sal Hy nie uitblus nie, totdat Hy die reg tot oorwinning uitbring."

Die Boodskap vertaal hierdie teks op so 'n wonderlike manier, naamlik: *"Iemand wat seergekry het, sal Hy nie seerder maak nie. Hy sal ook nie iemand wat in die moeilikheid is, verder in die moeilikheid bring nie; inteendeel Hy help mense om die geestelike wenpaal te haal..."*

Ons leef in 'n wêreld wat nie veel genade gee nie. Baie keer as iemand geval het is daar diegene wat op hom trap. Ja, as iemand swaar getref is met 'n verlies en omtrent alles in hul lewe verloor het, ontvang hy/sy nie veel genade van hierdie wêreld nie.

Maar dank God, Hy is so anders. God "breek" nie mense nie, maar Hy "bou hulle weer op"

Is hierdie Skrifgedeelte wat ek aan jou voorhou nie 'n mooi beskrywing van ons God en Vader nie? Dit maak Hom so uniek. Dit gee jou en my die moed om Hom te vertrou vir alles in ons lewe. Skep moed, wetende dat Sy plan met jou lewe is om jou weer sterk en geseënd te maak!

As jy seer gekry het, sal Hy jou nie seerder maak nie.
Hy gaan jou help om die wenpaal te behaal.

## Beproewinge maak ons sterk

**Jakobus 1:2,3** "Ag dit louter vreugde...wanneer julle in allerhande versoekinge (beproewinge) val, omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk."

As jou lewe vol is van moeilikheid en beproewings, moet jy eintlik bly en opgewonde wees, want wanneer die pad rof is, het jou geduld 'n kans om te groei.

Moenie probeer om jou probleme te systap nie. Die slegte dinge wat met jou gebeur sal toets of jy werklik die Here vertrou. Want as jou lankmoedigheid ten volle blom, dan sal jy reg wees vir enigiets, en sterk wees in jou karakter. Geestelik sal dit jou help om volwasse te raak.
Die Boodskap vertaal vers 3 met: *"Die slegte dinge wat met julle gebeur, toets of julle werklik die Here vertrou. As dit met julle sleg gaan, leer julle juis om nader aan die Here te leef."*

The Living Bible vertaal dit weer met: *"...for when the way is rough, your patience has a chance to grow."*

*Sterkte vir die dag wat voorlê!!*

## Glo vir ‘n deurbraak!

**Dawid het eenmaal gesê in 1 Kronieke 14:11**

*"God het deur my hand deur my vyande gebreek soos water deurbreek"*

Let op wat Dawid hier sê. Hy sê dat God *"deur my hand deur my vyande gebreek het..."* Ja, God het aan hom ‘n deurbraak gegee, maar tog hom gebruik om dit te bereik. Baie keer wil ons ‘n deurbraak hê terwyl ons passief staan.
Dan sê Dawid dat sy deurbraak was soos wat water deurbreek. Dit is nie maklik om water wat deurgebreek het te keer nie. Mag die Here ‘n geestelike deurbraak veroorsaak in ons land, soveel so dat niemand en niks dit kan keer nie.

Begeer jy vandag ‘n “deurbraak” van God?
Dan moet jy, soos Dawid, eers God raadpleeg (vers 10) en Hom vra wat jy in jou situasie moet doen. Moet niks doen voordat jy met jou hemelse Vader eers gepraat het nie.
Glo met jou hele hart dat die Here vir jou ‘n deurbraak wil gee!

Glo vir ‘n deurbraak in jou finansies, want Hy is ‘n God wat kan voorsien in meer as wat jy kan bid of kan dink. Sy arm het nie te kort geword en Sy oor ook nie doof geword om jou te help nie! (Jes. 59:1)

Glo vir ‘n deurbraak in die genesing wat nodig is vir jouself of vir jou geliefde. Deur Sy wonde is ons genees! (1 Pet. 2:24)

## Die krag van saamstem

**Matthéüs 18:19** "Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is."

Net twee persone is nodig om oor enige saak saam te stem as hulle begeer dat die Hemelse Vader vir hulle sal voorsien in wat hul gevra het.

Kan ek jou vertel van ons "R1-77" motor?

In die tyd toe ek voltydse evangelis in die Noord Vrystaat was het ons as gesin besef dat ons 'n tweede voertuig dringend nodig gehad het. Ons kombi moes ek gebruik in my veldtogte. Helene het 'n voertuig nodig gehad, die tye wat ek weg was, om haar en die vier seuns te vervoer. Daar was net een antwoord – ons moes saamstem in gebed volgens Matt. 18:19. Dieselfde dag is ek na die plaaslike Volkswagen motorhawe om navrae te doen oor 'n motor. Daar het ek 'n baie netjiese "fastback" Volkswagen gesien wat net die antwoord sou wees op ons probleem. Die eienaar van die motorhawe het die maandelikse paaiement uitgewerk op R41.77 p.m. en daar was geen deposito nodig nie. Met hierdie kennis is ek terug huistoe.

Dieselfde oggend het twee van ons vriende uit Johannesburg gebel en gesê dat hulle opdrag van die Here ontvang het om ons te help met R40 p.m. op 'n motor paaiement. Gou het ons sommetjies gemaak en die gevolg was dat indien ons R1.77 (ja, een rand sewe-en-sewentig sent) per maand kon bysit, kon ons die paaiement bekostig. (Nota: Daardie dae kon jy 'n Volkswagen nuut koop vir R2000)

Alles het so vinnig gebeur en ons Volkswagen "fastback" is nog dieselfde middag netjies gepolitoer afgelewer by ons huis. Hierdie groen Volkswagen het ons 'n hele paar jaar goeie diens gegee en was dit ons voorreg om dit weer te kon gee aan 'n swart prediker in Alexandra.

Dank die Here vir die krag in "saamstem" in gebed.

Probeer dit gerus !

# Jou deur sal vanself oopgaan

**Handelinge 12:7,19** *"En toe hulle by die eerste en die tweede wag verbygegaan het, kom hulle by die ysterpoort wat na die stad lei, en dit het vanself vir hulle oopgegaan."*

Die verhaal is waar die Here Petrus verlos het uit die tronk en sy boeie van sy hande afgeval het. Vir Petrus moes dit iets besonders gewees het, toe die poort voor hom eenvoudig vanself oopgegaan het.
Het jy al dit ondervind dat terwyl jy op pad was om by die ingang van 'n gebou in te gaan dat die deur vanself vir jou oopgegaan het? Wat 'n wonderlike gevoel!

Die boodskap vandag aan jou is: God sal jou deur vir jou vanself laat oopgaan.

Vir Moses het die Here in Ex. 14:14 gesê: *"Die Here sal vir julle stry, en julle moet stil wees."* Hou op om self te wil veg, en maak soos daardie Engelse liedjie dit so mooi gestel het, naamlik: "Let go and let God have His wonderful way" Ja, laat los en gee alles oor aan die Here. Vertrou Hom met jou hele hart, wat ookal jou probleem mag wees.

Selfs vir 'n heidense koning in die Ou Testament het God eenmaal gesê: *"Ek self sal voor jou uit gaan en hoogtes gelykmaak; koperdeure sal ek verbreek en ystergrendels stukkend slaan." Jesaja 45:2*

As God dit vir hierdie koning gedoen het, hoeveel temeer nie vir jou as Sy kind nie?

# Jou gees moet sterker wees as jou liggaam

**Psalm 42:6** *"<u>Ek sê vir myself</u>: Moenie nou moedeloos word nie. Moenie twyfel nie. Waarom so hartseer? Vertrou net op God. Ek gaan Hom loof, al kry ek baie swaar. Dit is Hy wat my uit my swaarkry red. Ek sal weer vir Hom 'n loflied sing."*
*(<u>Die Boodskap vertaling</u>)*

Dawid moes homself aanspreek. Daar was moedeloosheid en hartseer in hom. Vir homself het hy gesê om op God te vertrou en Hom te loof al kry hy swaar.

Dit is duidelik dat ons gees ons siel asook ons liggaam moet aanspreek. Ons siel (wat my denke; emosies en wil is) kan nie my gees aanspreek nie, nog minder moet my liggaam my gees aanspreek.

Dit kom hierop neer dat die negatiewe dinge wat ek in my liggaam ondervind, soos 'n pyn, 'n kwaal of enige veroudering...of wat ookal, mag nie die boodskap wees wat die sterkste na my deurkom nie. Maar my gees moet geestelik altyd sterker wees as my liggaam of my siel. Praat sommer nou met jou liggaam en sê: "Liggaam ek plaas jou onder gesag van God se Woord. Ek spreek genesing en oorwinning oor jou in Jesus se Naam." Dieselfde doen jy met jou siel (naamlik jou denke, emosies en wil)

Doen dit deur God se Woord te spreek oor enige iets wat vir jou vandag 'n probleem  kan wees.

# Ons is geseëndes

**Efésiërs 1:3** *"Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus."*

Die woord "geseënde" beteken om guns, voorsiening en beskerming te geniet.
Dit is 'n goeie ding om kort-kort seker te maak wat ons in Christus is! Hoe maklik vergeet ons dit net nie?
Wat ookal jou omstandighede vandag is en watter druk jy mag ervaar, sal dit goed wees om eers jou posisie in die Here te bevestig. Dit sal jou sterk maak teen enige uitdagings wat jou pad langs kom.

In ons Skrif is dit duidelik: ***Christus het ons geseën...!***
Moenie leef asof die seën nog eendag sal kom nie, aanvaar vandag dat jy 'n geseënde is.

Volgens die res van Efésiërs hoofstuk een spreek jy die volgende uit oor jouself

(1) "Ek is deur God uitverkies" (vers 4)
(2) "Ek is verlos en vergewe" (vers 7)
(3) "Ek is 'n erfgenaam van God" (vers 11)
(4) "Ek is verseël met die Heilige Gees" (vers 13)
(5) " Alles is onder my voete" (verse 22,23)

Ek groet jou, geseënde van die Here!

# God neem nie weg nie

**Romeine 11:29** *"As God eenmaal aan mense Sy genadegawes geskenk en hulle geroep het, trek Hy dit nooit weer terug nie."*

Jare gelede het ek 'n praktiese ondervinding gehad sodat ek hierdie teks kon verstaan.

Een nag om twaalfuur het my foon gelui en moes ek my haas na een van die gesinne in ons gemeente. Die graad tien dogter van die gesin het my gebel om te sê dat haar vader dronk was en besig was om oral op die grond in die sitkamer rond te kruip terwyl hy alles om hom breek. Dit was nie 'n mooi prentjie wat ek gekry het toe ek opdaag nie, en die volgende oomblik het ek myself gevind hier langs hom met my een arm om hom terwyl hy so te kere gaan. By hierdie tyd het sy vrou en dogter reeds die meeste meubels uit die vertrek verwyder. Hy kruip, huil en bid en ek hou vas aan hom en bid saam! In totaal het ons vir 'n uur en 'n half in sirkels beweeg.

Toe gebeur dit dat die Here deurbreek in sy lewe. Hy het opgespring en my vasgegryp terwyl hy met trane uitgeroep het: "ek is vry, ek is vry!" 'n Kragtige profetiese woord het oor sy lippe gerol. Hy sê toe dat hy twaalf jaar tevore so'n woord gebring het. Ja, God se genadegawes word nie sommer terug getrek nie. "O Here, dankie vir U genade!" Ek onthou nog sy blydskap. Geensins dronk nie terwyl hy God geloof en geprys het!! Waarlik God se Gees was magtig op hierdie man gewees. Hy het sy verskrikte vrou en drie dogters geroep en in 'n kring het ons saam die Here geloof (en ek moet sê, hy het my ribbes amper stukkend gedruk van vreugde)

Daardie nag het ek Rom. 11:29 die eerste keer werklik verstaan. Ons skryf so maklik mense af terwyl God se genade baie groter is as wat ons kan dink!

(<u>Nota</u>: 40 jaar later het die man nog die Here gedien en nooit weer hom vergryp aan drank nie!)

Skep moed, Hy sal niemand "afskryf" nie.
Hy het verseker 'n plan met jou lewe.

# Gee, en jy sal ontvang

**Lukas 6:38** *"Gee, en aan julle sal gegee word, 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word."*

Besluit om altyd 'n gewer te wees!

Gee jouself uit jou finansiële probleme! Bid alleen sal nie genoeg wees nie!

Natuurlik is bid iets besonders. Maar hier staan nie geskrywe *"Bid en aan julle sal gegee word"* nie. Jesus sê ons moet "GEE"

- As jy die beste wat jy het kan gee, sal jy ontvang soos hierdie teks dit stel, naamlik dat wat jy ontvang sal wees soos iets wat *"ingedruk, geskud en oorlopend is"* <u>Gee dus altyd die beste wat jy op daardie oomblik kan gee</u>.
- Wat jy nou het om te gee kan die sleutel wees tot jou voorspoed.
- Moenie vashou aan dit wat jy nou besit nie, want dit kan moontlik die meeste wees wat jy sal besit.
- Elke keer wanneer jy gee vermeerder jy dit wat jy sal ontvang.
- Indien jy kan laat los wat in jou hand is, sal God laat los wat in Sy hand is!
- As jyself 'n nood het moet jy leer om te gee...toets dit gerus!

Kyk weer mooi na die woorde *"sal hulle in jul skoot gee"*

Om iets in jou skoot te ontvang meen dat jy sittende moet wees. Ai, ons wil altyd "werk" vir alles in die lewe (en om te werk is nie altyd verkeerd nie) Maar soms moet ons net rustig raak voor God en Hom toelaat om vir ons te gee wat ons nodig het.

Dit is wonderlik om 'n gewer te kan wees!

## God het 'n plan met jou lewe

**Jeremia 29:1** *"Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: Voorspoed en nie teenspoed nie..."*

Jeremia profeteer in hierdie Skrifgedeelte vir die volk Israel wat hulself bevind in ballingskap in Babilon waar hulle as slawe vir 70 jaar moes bly.

Babilon was nie God se volmaakte plan vir Israel nie, maar God het hulle ook laat verstaan dat hulle nie moes ophou lewe nie maar voortgaan om te lewe (verse 5-7)
In watter omstandighede jy jouself vandag bevind...moenie ophou lewe nie!

God se plan is dat jy gered moet word! (1 Tim. 2:2,3)
God se plan is dat jy gesond moet wees! (3 Joh. 1:2)
Moenie ophou om dit te glo nie. Hou aan om Sy Woord hieroor te bely. Die geneesheer (hoe goed ookal) het nie die laaste sê oor jou lewe nie, maar God!
God se plan is dat jy geseënd moet wees! (Deut. 28:3-8)
God se plan is dat jy finansieël genoeg sal hê! (2 Kor. 9:8)
<u>Die Lewende Bybel vertaal 2 Kor. 9:8 so treffend</u>: *"God kan julle so oorlaai met Sy goedheid dat julle altyd sal hê wat julle nodig het, sodat julle vir ander ook baie kan gee."*

God het 'n duidelike plan vir jou lewe...'n plan van voorspoed en nie teenspoed nie!
Glo dit met jou hele hart.

# <u>God sal voorsien!</u>

**Filippense 4:19** *"En my God sal elke behoefte van julle vervul na Sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus."*

Natuurlik moet hierdie teks gelees word in die lig van die voorafgaande verse, naamlik verse 15-18, waar Paulus die Filippense bedank het dat hulle vir hom voorsien het. Omdat hulle dit gedoen het spreek hy nou 'n seën oor hulle uit.

Dit laat my dink aan Paulus se lering in 2 Kor. 9:6-8 waar hy ons leer om te "saai" (om te gee) met blymoedigheid en om nie min te gee nie. Indien ons bereid is om te gee, kan ons gereed maak om ook te ontvang.

Ek is so bly om te weet dat volgens 2 Kor. 9:11 wil die Here vir ons meer as genoeg gee. *"God sal vir julle volop gee sodat julle volop kan weggee." (Lewende Bybel)*

Wat ookal jou behoefte vandag is...God sal voorsien!
Die Bybel sê dat selfs die hare van jou hoof getel is! Dit wys hoe goed God jou ken.
Jesus het gesê in Matt. 6:26 *"Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?"*

<u>Bid saam met my</u>: "Dankie Here dat U vir my ook sal voorsien in al my behoeftes. Want ek bid dit in die wonderlike Naam van Jesus Christus. Amen"

# **Die krag van ons woorde**

**Spreuke 18:21** *"Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet."*
*Lees ook: Spreuke 13:3; 15:1; 16:24; 17:27*

Jesus het die volgende verklaring gemaak oor wat ons sê in Matt. 12:34-37 *"...jule kan nie wegsteek wat binne-in julle aangaan nie. Uit wat julle sê, verraai julle julleself. Soos die spreekwoord sê: 'Waar die hart van vol is, loop die mond van oor.' As jy luister na wat iemand sê, sal jy agterkom of sy gesindheid reg is en hy van 'binne' skoon is. Juis daarom sê Ek vir julle: mense wat sommer allerhande lelike dinge van ander sê, sal met die finale oordeel hulle woorde voor God moet gaan verduidelik. Wat jy sê, is dus verskriklik belangrik. Immers, op grond van wat jy sê, sal God besluit of jou saak met Hom reg is of nie." (Die vertaling in Die Boodskap.)*

Volgens Jak. 3:2-5 beheer jou tong jou liggaam; jou tong help om rigting aan te dui in jou lewe en bepaal ook jou toekoms! Praat dus reg!

Ons praat verkeerd, wanneer ons sê:

"Ek is BEVREES, so en so gaan gebeur"
"Hoe gaan dit met jou siekte?
"Ek voel die griep kom aan"
"Hierdie siekte tref my mos elke jaar, hierdie tyd"
""Ek haat myself oor my gewig"
"Ek is maar swak"

Spreek genesing oor jouself! Maak 1 Pet. 2:24 jou eie deur dit hardop uit te spreek! Praat vandag met jou "berg" (jou finansies; jou werk en wat ookal soos 'n berg voor jou staan) Praat soos wat Jesus ons geleer het in Matt. 11:24

Onthou daar is geweldige krag in jou mond.
Gebruik dit reg!

## God gee sonder om te verwyt

**Jakobus 1:5** *"En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyt, en dit sal aan hom gegee word."*

God gee sonder om ons te herinner aan ons onwaardigheid. Hoe baie keer leef ons nie volgens die waardes wat ons vir onsself gestel het nie, dan kom verwyt en ons kla onsself aan. Moenie dit doen nie!

Jy het bv. nie genoeg studeer vir 'n vak nie; of weer iets verkeerd gedoen wat groot onsekerheid in jou hart gebring het rakende jou verhouding met die Here. Hou op om jouself te verwyt. Bely enige verkeerde saak teenoor die Here volgens 1 Joh. 1:7,9 (God vergewe dadelik!) en gaan aan met jou lewe. God gee aan jou en my sonder om te verwyt! Glo dit en vat dit!

My persoonlike getuienis rakende Jak. 1:5 is dat God aan my wysheid gegee het om Grieks op Teologiese Kollege te slaag. Ek het hard geleer, maar op die dag van my eksamen het daar baie dinge gebeur wat my in groot spanning geplaas het, totdat ek hierdie Skrifgedeelte onthou het en die Here vir wysheid gevra het. Daardie dag was ek een van die min studente wat Grieks geslaag het!

Ja kan dieselfde ondervind.
God gee verseker, sonder om te verwyt!

**Beveilig dit wat God jou gegee het!**
**Rigters 6:11** *"Gideon het koring uitgeslaan in die parskuip om dit te beveilig teen die Midianiete."*

Die Here het wonderlike "oeste" aan ons gegee wat die vyand elke keer wil beroof.
Die boodskap vandag aan jou is...beveilig alles wat die Here aan jou gegee het!

Die Bybel sê dat die Midianiete elke jaar gekom het om Israel se gesaaides te verwoes, en as gevolg daarvan het Israel baie arm geword. (Rigters 6:3,4,6)
Die sielevyand wil dit ook met ons doen...moenie hom toelaat nie maar beveilig dit wat God aan jou en jou gesin gegee het!

Hoe beveilig ek dit wat die Here aan my (en my gesin) gegee het?
Sorg dat jy die Here se wapenrusting besit (Ef. 6:10-18)
Sorg ook dat daar 'n eenheid in jou gesin is! (Mark. 3:25)
As familie moet ons mekaar beskerm soos wat Gideon se familie met hom gedoen het volgens verse 28-32. Maar soos wat Gideon ontslae moes raak van almal wat vrees in hulle harte gehad het, voordat hy die Midianiete kon verslaan het, moet ons ook alle vrees van ons verwyder. God het ons immers nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie maar van krag en liefde en selfbeheersing! (2 Tim. 1:7)

Jy gaan ook oorwin teen die wat jou "oeste" (dit wat die Here vir jou gegee het) wil vernietig!

**Die Heilige Gees sal jou lei en help.**

**Johannes 14:26** *"...die Trooster; die Heilige Gees, wat die Vader in My Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek gesê het."*

Die Boodskap: *"Later sal My Vader vir julle julle spesiale Helper, die Heilige Gees, stuur. Hy sal namens My kom en sorg dat julle alles goed sal onthou wat Ek vir julle gesê het."*

Ek kan egter nie meer oor hierdie Skrifgedeelte sê as wat die Amplified Bybel se vertaling dit doen nie, daarom deel ek die volgende met jou.

*"But the Comforter (Counselor, Helper, Intercessor, Advocate, Strengthener, Standby) the Holy Spirit, whom the Father will send in My Name (in My place, to represent Me and act on My behalf) He will teach you all things, and He will cause you to recall – will remind you of, bring to your remembrance – everything I have told you."*

Wonderlik!
Hy is jou Berader
Jou Helper
Jou Voorbidder
Jou Advokaat
Jou Versterker en Bystand!

Wat meer wil jy hê?

**Ons het dieselfde Gees van die geloof...**

**2 Korinthiërs 4:6,13** *"Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn – dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring...*

***En omdat ons dieselfde Gees van die geloof het*** *– soos geskrywe is: Ek het geglo, daarom het ek gespreek – glo ons ook, daarom spreek ons ook."*

Dieselfde Heilige Gees wat Jesus uit die dode opgewek het woon ook in ons volgens Rom. 8:11, naamlik:
*"En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon..."*
Daarom het jy as kind van God skeppende krag in jou mond.
Moet nooit vergeet wat geskrywe staan in Spreuke 18:21, naamlik: *"Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit gebruik, sal die vrug daarvan eet."*
As kind van God het jy skeppende krag in jou mond!
Gebruik daardie skeppende krag vandag om selfs die dinge wat tans nie bestaan in jou lewe nie te roep asof dit bestaan.

Die rede waarom jy skeppende krag in jou mond het is omdat jy ook God se Gees in jou het. Weier om negatief te praat!

Onthou vandag se Woord.
*"En omdat ons dieselfde Gees van die geloof het..."*
Glo die Bybel en praat die Bybel!

## Loof God met alles in jou!

**Psalm 103:1** *"Loof die Here, o my siel, en alles wat binne-in my is, Sy heilige Naam!"*

Psalm 103 is seker een van die mooiste Psalms wat Dawid geskryf het!

Ek moet God aanbid met my siel (m.a.w. my *"denke" "wil" en "emosies"*)

Neem 'n wilsbesluit vandag om met jou emosies wat tans in jou werk asook watter negatiewe gedagtes jou wil oorheers, God te loof en prys. Moet nooit toelaat dat jou emosies of enige negatiewe gedagtes jou oorheers nie.

As jy God kan loof onder watter omstandighede ookal, sal Hy jou oorwinning gee!

Jy onthou die verhaal van Jona? Wel in Jona 2:1,9,10 lees ons: *"En Jona het tot die Here sy God gebid uit die ingewande van die vis en gesê:...Ek daarenteen sal aan U offer met 'n stem van lof; wat ek beloof het, sal ek betaal. Die heil behoort aan die Here. (dit is hier waar hy God begin loof het!) Daarop het die Here die vis beveel om Jona op droë grond uit te spuug."*

Hier is die boodskap: As jy God kan loof en prys, te midde van wat ookal, sal jou probleem van jou ontslae raak!

## Waarom moet ons God loof?

**Psalm 103:2** *"Loof die Here, o my siel, en vergeet geeneen van Sy weldade nie!"*

Die eerste "weldaad" (goeie daad) wat God aan jou en my gedoen het was om ons sondes te vergewe! (vers 3)
In vers 12 word ons vertel dat God ons sondes so vêr weg van ons verwyder het 'soos die Ooste verwyderd is van die Weste'

Daar is 'n Noordpool asook 'n Suidpool. Ja, 'n spesifieke plek, maar dank God niemand kan 'n plek wys wat 'n "Oospool of 'n Wespool" genoem kan word nie! Wanneer God my sondes vergewe het, het Hy dit ook totaal verwyder en Hy dink nooit weer daaraan nie. As God nie daaraan dink nie moet jy en ek dieselfde doen. Aanbid God vandag met jou hele hart omdat Hy jou waarlik vergewe het.

Lees met aandag 1 Johannes 1:7 en dank God daarvoor.
Dit lees: *"...en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde."*

## Loof Hom vir genesing

**Psalm 103:1,3** *"Loof die Here, o my siel...wat al jou krankhede genees."*

Ek is seker daarvan dat elkeen van ons kan vertel van genesing wat die Here vir ons gegee het, asook vir ons geliefdes.
En indien jy op hierdie oomblik genesing nodig het is daar die wonderlike belofte in 1 Petrus 2:24 naamlik: *"...deur wie se wonde julle genees is."*
Neem tyd om weer al die beloftes wat jy ken in die Bybel oor genesing vir jouself hardop te lees (of te sê), asook vir enige een wat dit ook moet hoor. Maak 'n lys van Skrifgedeeltes soos wat ons vind in Jesaja 53:4,5. Lees dit en glo dit!
Memoriseer die verse in die Bybel oor genesing, want daar sal beslis 'n tyd kom dat jy dit nodig sal kry. Ek dink aan die volgende Skrifgedeeltes: Exodus 15:26 *"Ek is die Here wat jou gesond maak."* Jesaja 53:5 *"Maar Hy (Jesus) is terwille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom."*

Net gister het ek my begeerte uitgespreek teenoor iemand en gesê dat ek nog 'n boek wil saamstel van al die wonders wat die Here vir mense gedoen het. Miskien moet jy die eerste een wees wat vir my jou getuienis stuur?

## Julle sal krag ontvang

**Handelinge 1:8** *"...julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde."*

Die woord *"krag"* wat hier gebruik word kom van die Griekse woord *"dunamis"* wat beteken *"inwonende krag"*
Die woord *"dinamiet"* kom ook hiervan! Wow! Ons het dus inwonende krag van God ontvang wat soos dinamiet is...ja, die krag in ons het ontploffings vermoë! Moet dus nie toelaat dat enige aanval van die sielevyand jou sal manipuleer nie.

1 Johannes 4:4 verklaar: *"Julle is uit God, my kinders, ...omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is."*
Geen wonder 'n prediker het eenmaal hierdie uitdrukking in sy prediking gemaak nie, naamlik: *"I am bigger on the inside than on the outside."*

Leef vandag soos iemand wat weet dat daar *"dinamus"* krag in jou is, naamlik Sy Gees. Tel jou kop op en neem jou stand teen enige aanvalle van die vyand wetende dat God Sy Heilige Gees krag in jou geplaas het om jou meer as oorwinnaar te maak.

Glo dit, sê dit, en leef daarvolgens!

## God soek ware aanbidders

**Joh. 4:23,24** *(Jesus het gesê) "Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat hom so aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid moet in gees en waarheid aanbid."*

Besluit om hierop te antwoord! Ja, besluit om 'n ware aanbidder te wees wat God sal aanbid in gees en in waarheid!

Indien iemand na iets soek, dan het hy/sy 'n behoefte daaraan. As God aanbidders soek dan het Hy 'n behoefte aan aanbidders.

Die woord "Aanbidder" beteken letterlik "hartstogtelike vereerder" Wees iemand wat God in alles prys en groot maak. Aanbidding is wanneer alles wat ons is, reageer op alles wat Hy is! Niks in jou lewe moet meer belangrik wees as om die Here te aanbid nie. Sê sommer nou vir die Here dat Hy nie verder hoef te soek nie want jy meld jouself aan om Hom in gees en waarheid te aanbid!

Aanbidding is nie net iets wat in die kerkdienste
moet plaasvind nie. My leefwyse moet toon
dat ek die Here aanbid nie net in 'n lied nie,
maar in wat ek daagliks doen.

## Die waarde van getrouheid

**2 Kronieke 31:18** *"...want volgens hul getrouheid was hulle werksaam met die heilige dinge."*

Begeer jy ook dat die Here jou sal gebruik om met Sy "heilige dinge" te werk? Dan moet jy getrouheid nastreef!

Volgens die Bybel is getrouheid ook deel van die vrug van die Gees. Ons lees daarvan in Galasiërs 5:22 *"Maar die vrug van die Gees is liefde, blydsklap, vrede, lankmoedigheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing."*

Die woordeboek beskryf getrouheid as: "Standvastigheid; stiptelikheid en iemand met 'n diepe pligsbesef." As hierdie jou beskrywing is, maak jou gereed dat die Here jou sal vertrou om met Sy heilige dinge te kan werk.

Wat vir my so uitstaande was deur die jare was dat die Here nie altyd die bekwame mense gebruik het nie maar hulle wat gewillig en getrou bevind was.

Dit is jammer dat ons mense in die kerk aanstel omdat hulle bekwaam is of omdat hulle populêr is. Ja, bewaamheid het sy waarde maar hoe anders sal die kerk en die besigheids wêreld gewees het as mense aangestel was volgens hulle getrouheid?

Wees dus getrou in die geringste en die Here sal jou oor veel meer aanstel! (Matt. 25:23)

**Verlang jy dat mense gered moet word?**

**Hand 2:47** *"...terwyl hulle (die eerste Christene) God geprys het en in guns was by die hele volk. En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is."*

Ja, jy het reg gehoor! Die Here het daagliks by die gemeente gevoeg, die wat gered was!

Dieselfde sal met ons gebeur indien ons wat sê dat ons gelowiges is, deur ons woorde en dade lof aan die Here sal gee. Dit was toe Paulus en Silas in die gevangenes God kon loof en prys dat die gevangenes na hulle geluister het en dat al die deure oopgegaan het. Verder lees ons dat almal se boeie losgeraak het. (Lees weer die verhaal in Hand. 16:25,26)

Daar is baie mense om ons, selfs in ons werkplekke, wat geestelike bevryding dringend nodig het. As ons murmureer en sug soos die ongelowiges sal ons niemand help nie.

Maar as ons te midde van watter druk ookal nog steeds die Here kan dank en loof sal ons baie mense beinvloed vir God se koninkryk.

<u>Onthou</u>: 'n Ware aanbidder ken nie selfbejammering nie.

**Laat die wat God vrees, met mekaar praat!**

**Maleagi 3:16** *"Toe het die wat die Here vrees, met mekaar gespreek; en die Here het dit opgemerk en gehoor, en daar is 'n gedenkboek voor Sy aangesig geskrywe vir die wat die Here vrees en Sy Naam eer."*

*Die Boodskap vertaal hierdie teks soos volg:* *"Toe het die mense wat die Here baie liefhet, met mekaar oor die Here begin praat. Die Here het baie mooi na hulle geluister. Dit het Sy hart geraak. Hy het seker gemaak dat hulle name in Sy persoonlike dagboek opgeteken word sodat Hy nooit van hulle vergeet nie."*

Ek moedig jou aan om met hulle wat die Here vrees te praat en te vertel van alles wat Hy vir jou beteken en watter nuwe ontdekkings jy gemaak het in Sy Woord!

Ai, ons praat soms so baie oor die nuus van die dag (wat so negatief is) asook oor al die tekorte in ons plaaslike asook in ons land se regering. Praat nie eers van sport nie.
Die Here wil nie net ons name in Sy dagboek opteken nie maar ook die opbouende dinge wat ons teenoor mekaar gepraat het.

Kom ons wees 'n deel van hulle wat God vrees.
Soek iemand vandag wat jy kan bemoedig!

## Genade op genade

**Johannes 1:16** *"En uit Sy volheid het ons almal ontvang, ja, genade op genade"*

Elke keer wanneer ek hierdie teks lees dan dink ek aan die branders van die see. Terwyl die see daar sal wees, sal daar branders wees. Die een brander het nog nie klaar gebreek nie dan breek die volgende een.

Net so is God se genade...Omdat Hy altyd daar sal wees, sal Sy genade daar wees. Sy genade is soos die een brander na die ander...dit hou net nie op nie! Genade op genade. Genade kom uit Sy volheid. Is dit nie wonderlik nie?

<u>Ek deel met jou 'n paar tekse oor genade</u>:
Joh. 1:17 *"Want die wet is deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom."*
2 Kor. 8:9 *"Want julle ken die genade van ons Here Jesus Christus, dat Hy, alhoewel Hy ryk was, ter wille van julle arm geword het, sodat julle deur sy armoede ryk kan word."*
2 Kor. 12:9 *"En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want My krag word in swakheid volbring."*

Beleef God se genade vandag en dank Hom daarvoor.
Sy genade sal ook vir jou genoeg wees,
want Sy krag word in jou swakheid volbring!

**Ons skuld is weggeneem!**

**2 Korinthiërs 5:21** *"As ons aan Christus verbind is, is ons skuld weggeneem, net so goed of ons self nooit sonde gedoen het nie" (Die Lewende Bybel)*

Christus wat nooit sonde gedoen het nie, het vir ons sonde geword, menende Hy het ons sonde op Hom geneem aan die kruis. Dit is daar waar Jesus die volle prys betaal het vir ons sondes en uitgeroep het *"Dit is volbring"* Ja, Hy het die volle prys betaal vir al ons skuld.

Ek dink nie ons het 'n probleem om te glo dat Christus ons vergewe het nie, maar ek is van mening dat ons baie keer 'n probleem het om te glo dat vir Hom is dit asof ons nooit gesondig het nie. Die rede hiervoor is dat ons maar geneig is om onsself gedurig aan te kla wanneer ons nie presteer nie. Kom finaal op die plek waar jy sal glo dat Christus nie alleen al jou sondes vergewe het nie, maar dit totaal weggeneem het. En as Hy nie meer daaraan dink nie, moet jy en ek ook nie. Hou op om jouself te beskuldig, want jy is vry, en as Jesus Christus jou vrygemaak het sal jy waarlik vry wees! (Joh. 8:36)

Haal diep asem en sê hardop vir jouself:
"My skuld is weggeneem,
dit is net so goed asof ek nooit gesondig het nie"

**Wie mag in God se teenwoordigheid staan?**

Nadat ek **Psalm 15** met aandag gelees het in verskillende vertalings deel ek die volgende waardes met jou.

Jy sal met vrymoedigheid voor die Here kan staan indien jy iemand is:

(1) Wat in jou hart oortuig is dat jy tevrede is met wat jy doen. Ondersoek dus jouself.

(2) Wat altyd die waarheid praat. In elk geval, as jy die waarheid praat hoef jy nooit te onthou wat jy gesê het nie.

(3) Wat nie kwaadspreek en mense seermaak deur hulle in die rug te steek nie.

(4) Wat nie vriende is met hulle wat hul rug op God gedraai het nie. Dawid het dit eenmaal so uitgedruk in Psalm 1:1 toe hy ons gewaarsku het teen sulke mense en gesê het "*...en nie sit in die kring van die spotters nie"*

(5) Wat almal eer wat die Here dien en respekteer.

(6) Wat nooit teruggaan op jou woord nie, al sal jy self skade ly.

(7) Wat nie altyd geld uitgee om te kyk wat jy daaruit kan kry nie.

(8) Wat met niks omgekoop kan word nie.

*Ja, dit is 'n mondvol...maar God se teenwoordigheid is nie goedkoop nie!*

## **"Vader vergeef hulle"**

**Lukas 23:34** *"En Jesus sê: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie."*

Een van die kragtigste boodskappe van die kruis van Christus was "Vergeef hulle"

Dank God vir die kruisiging van Jesus Christus! Want daar het Hy die prys betaal sodat ons gered kon word van ons sondes. Daar het Jesus ons versoen met Sy Vader. Daar het Hy die deur oopgemaak vir jou en my om met groot vrymoedigheid God se troon te nader, soos wat ons lees in Hebreërs 10:19 *"Terwyl ons dan,... vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus."*

Die boodskap van die eerste kerk was 'n boodskap wat vol was van vergifnis. Net om 'n paar tekse te noem:

Hand. 13:38 *"Laat dit dan aan julle bekend wees, broeders, dat deur Hom vergifnis van sondes aan julle verkondig word."*

Ef. 1:7 *"In Hom het ons die verlossing deur Sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van Sy genade."*

Kol. 2.13 *"Julle was dood deurdat julle gesondig het...God het julle egter saam met Christus lewend gemaak deurdat Hy ons al ons sondes vergewe het."*

En omdat jy en ek vergewe is moet ons ook ander vergewe. Besluit om dit nie langer uit te stel nie, maar doen dit dadelik. Jy vergewe ander nie omdat hulle dit verdien nie maar omdat jyself vry wil wees.

## Leef in die geloof

**Hebreërs 10:38** *"...die regverdige sal uit die geloof lewe"*

Moses het Israel 613 wette gegee hoe om regverdig te lewe
Dawid het die wette hoe om regverdig te lewe verminder na 8.
(Lees Psalm 15 met aandag)
Jesaja het weer die wette hoe om regverdig te lewe verminder na 6. (Jesaja 33:15)
Maar die profeet Habakuk het dit verminder na EEN!!! Ons lees dit in Habakuk 2:4
Paulus onderstreep hierdie beginsel in Hebreërs 10:38.
Die vraag is nou: "Wat is 'n regverdige?" Dit is iemand wat voor God kan staan sonder enige skuld, nie as 'n sondelose mens nie, maar as iemand wat 'n nuwe mens in Christus geword het volgens 2 Kor. 5:17

Jy en ek sal nie God kan tevrede stel deur allerhande wette en regulasies wat ons hou nie, maar deur in Hom te glo. Die Bybel stel dit so duidelik in Heb. 11:6 met hierdie woorde: *"En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek."*

Gebruik die geloof wat in jou is om Hom vandag te vertrou en Hy sal jou beloon!

**Dit is God wat in jou werk**

**Filippense 2:12,13** *:...werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae."*

*Die Lewende Bybel het vers 13 soos volg vertaal: "want dit is God wat in julle werk – Hy gee julle die begeerte om te doen wat Hy graag wil hê en dan gee Hy julle ook nog die krag om dit te doen."*

Vir jou en my sal dit nie moontlik wees om God se wil in ons eie krag en vermoë te kan doen nie. Maar dit is God wat gedurig in ons werk deur Sy Gees en sekere begeertes aan ons gee, sodat ons die dinge sal doen om Hom tevrede te stel.

Hy gee jou soms besondere idees asook gedagtes wat Hy wil dat jy moet doen. Baie keer is dit begeertes wat jy net voel is eenvoudig vir jou te veel om te bereik. Gelukkig sê die Bybel dat Hy ons ook die krag, en ek glo ook die vermoë gee, om dit te doen. Is dit nie wonderlik nie?
Persoonlik glo ek dat in almal van ons daar 'n potensiaal is om besondere dinge te bereik, meer as wat jy nou sal besef.
Ek glo ook dat God in jou skeppings vermoë gegee het om 'n uitvinder te wees van iets wat 'n radikale verbetering kan bring. Soos om iets te ontwerp wat jouself groot voorsiening sal bring asook aan God se koninkryk. Hoekom moet ontwerpe net altyd kom van mense wat God nie vrees nie? En hoekom moet hulle altyd wegstap met die voordele daaruit?

Luister na jou hart en doen wat Hy vir jou sê om te doen!
Prediker 9:10 *"Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag"*

## Moet nooit God se weldade vergeet nie!

**Psalm 103:2** *"Loof die Here, o my siel, en vergeet geeneen van Sy weldade nie!"*

"'n Weldaad" beteken 'n "edele daad" of iets wat "nuttig" is. Waarlik die Here het aan jou en my baie weldade gedoen, wat mooi en edel is en wat vir ons veel nut bring in die lewe.
In hierdie Psalm noem Dawid vyf weldade wat God gedoen het. Die eerste weldaad is dat die Here ons sondes vergewe het. Dit is wonderlik om te kan sê dat jy vergewe is van jou sonde. Dit maak jou vry van enige veroordeling.
Nog 'n edele daad wat God vir jou en my gedoen het was dat Hy vir ons genesing gebring het van siekte. Dank Hom nou net daar waar jy is dat deur Sy wonde jy genees is! (1 Pet. 2:24) Ja, sê: "Deur Sy wonde vat ek hierdie oomblik my genesing in die Naam van Jesus Christus!"
Dan het Hy ons verlos van die verderf en die ewige dood. Daarom sal ons lewe al het ons ook gesterwe! (Joh. 11:25)
Hy het ons ook gekroon met gesag sodat ons met liefde kan optree en genade kan bewys. Ek is geneig om te sê dat ek genade gee omdat ek genade nodig het!
Die Boodskap se vertaling druk vers vyf so besonders uit, naamlik: "Die Here oorlaai my met al die goeie dinge in die lewe. Hy gee my arms vol krag. Hy maak my so sterk soos 'n jongmens."

Moenie Sy weldade aan jou vergeet nie, maar loof Hom gereeld daarvoor!

## Ons opdrag as Christen

**Kolossense 1:28** *"Hom verkondig ons, terwyl ons elke mens vermaan en elke mens in alle wysheid onderrig, om elke mens volmaak in Christus Jesus voor te stel."*

Daar is min skrifgedeeltes in die Bybel wat ons opdrag as Christen saamvat soos hierdie teks.
Dit begin by die hart van die Evangelie en dit is naamlik dat ons Hom sal verkondig. Nie 'n kerk of 'n sekere waarheid wat vir ons as 'n absolute waarheid uitstaan nie! Maar dit is om Jesus Christus te verkondig soos wat Paulus dit gestel het aan die Korinthiërs in 1 Kor. 2:2 *"...want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde."*

In ons teks kom die woorde *"<u>elke mens</u>"* drie keer voor. Dit leer ons dat die "een-tot-een" manier van verkondiging van die Evangelie die beste is. Baie keer wil ons die massas bereik met groot veldtogte. (en ek sê nie dat ons dit nie mag doen nie)

Jesus se voorbeeld wat Hy gestel het met die vrou in Joh. 4 bly vir my uitstaande. Hy het haar as enkel persoon onderrig daar by die put en sy het haar stad se mense gaan haal om na Hom te kom luister!

Besluit om jou opdrag as Christen uit te voer, naamlik om Hom te verkondig, en elke mens wat jy kan met wysheid te leer sodat daardie mens eendag volmaak aan Christus Jesus voorgestel kan word.
Sterkte met jou opdrag!

**Jou oplossing is binne bereik**

<u>Elisa het eenmaal die volgende vir ‘n weduwee gesê</u>: *"Wat kan ek vir jou doen? Gee my te kenne wat jy in die huis het. En sy antwoord: U dienares het glad niks in die huis nie, behalwe ‘n flessie met olie."* **2 Konings 4:2**

Hierdie is ‘n baie interresante verhaal wat al baie deur die Here gebruik was. Baie predikers het al hieroor gepreek.
Dit gaan oor ‘n profeet se weduwee vrou wat soveel skuld gehad het dat die skuldeiser haar twee seuns wou kom neem as slawe. Elisa het haar gevra wat sy in haar huis het en haar antwoord was: *"U dienares het glad niks nie, behalwe ‘n flessie met olie."*

<u>Die boodskap vandag aan jou is</u>:
Jou oorwinning is in jou huis. Hou op om dit elders te soek.
Jou oorwinning is agter “geslote deur” m.a.w. in gebed. Ons dink aan die woorde van Jesus in Matt. 6:6 *"Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde."*
Jou oorwinning is in die samewerking in jou huis. Soos wat hierdie twee seuns en hul moeder saamgewerk het.
Jou oorwinning lê in die “olie” van die Heilige Gees, soos wat hierdie vrou se oorwinning in haar “flessie met olie” gelê het.

Jy sal uit jou skuld kom en die Here sal jou kinders bewaar dat hulle niemand se slaaf sal wees nie!

**God se koninkryk sal vir jou deurbreek!**

**Matteus 11:12** *"Sedert die dae van Johannes die Doper tot nou toe breek die koninkryk van die Hemel vir homself 'n pad oop, en mense wat hulle kragtig inspan, kry dit in besit." (Nuwe vertaling)*

*Die Boodskap vertaal die laaste gedeelte van ons teks soos volg: "Mense wat op en wakker is, gryp elke geleentheid aan om deel te word daarvan."*

*Die Lewende Bybel vertaal dit weer: "...en mense wat al hulle kragte daarop konsentreer maak dit hulle eie."*

Die voorbeelde waarna Jesus verwys is:
Die melaatse wat dit gewaag het om voor Jesus neer te val om genesing te ontvang, terwyl hy bewus was dat deur dit te doen kon die mense hom stenig. Tog span hy al sy kragte in en dring deur die skare vir sy genesing. (Matt. 8:1-3)

Ons dink ook aan die vier manne en al hul moeite om hul verlamde vriend by Jesus te kry vir sy genesing. Hulle het selfs die huis se dak oopgebreek om hom neer te laat voor Jesus se voete. (Matt. 9:2) Lees Lukas se beskrywing in Luk. 5:1-20.

Nog 'n voorbeeld is die vrou wat aan bloedvloeiing gely het. As iemand wat deur die wet onrein verklaar was en wat gestenig kon word, het sy al haar kragte ingespan om deur die skare te kom tot by Jesus vir haar genesing! (Matt. 9:20-22)

Indien jy wil sien dat God se koninkryk sal deurbreek in jou lewe asook in almal wat vir jou dierbaar is, sal jy iemand moet wees "wat jou kragtig sal inspan" ja "wat op en wakker is en elke geleentheid sal aangryp" en "jou kragte daarop sal konsentreer"

Wees dus vasberade en God se koninkryk sal deurbreek. God se koninkryk sluit alles in wat jy nodig het.

**Geniet jou in die Here!**

**Psalm 37:4** *"Verlustig jou in die Here;*
*dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart."*
*Die Nuwe vertaling sê: "Vind jou vreugde in die Here..." Die Engelse vertaling sê: "Delight yourself also in the Lord."*

Hierdie teks is seker my gunsteling een in die Bybel!
Mag jy jouself geniet in God se Woord sodat jy kan sê soos Jeremia in Jer. 15:16 dit uitgedruk het: *"Toe U woorde gevind is, het ek hulle opgeëet, en U woord was vir my vreugde en vrolikheid vir my hart."*
Geniet jouself in gebed. Gebed moet nie altyd 'n geveg met die bose magte wees nie, maar eerder 'n heerlike tyd van gemeenskap en gesels met ons God wat ons so lief gehad het dat Hy Jesus vir ons gegee het!
Geniet om te vertel van al Sy wonders aan jou gedoen. Vandag wag talle vir jou om hulle te vertel van alles wat die Here vir jou gedoen het. Besluit om elkeen wat jy ontmoet te beinvloed om ook hulself te geniet in die Here.

Indien jy jouself sal geniet in die Here, sal Hy jou gee die begeertes van jou hart.
In my lewe het ek min ontvang deur te kla – maar baie ontvang deur te doen wat ons teks ons leer om te doen.
Probeer dit!

**Meer as genoeg**

**2 Korinthiërs 9:8** *"God kan julle oorlaai met Sy goedheid, dat julle altyd sal hê wat julle nodig het, sodat julle vir ander ook baie kan gee" (Die Lewende Bybel)*

"Meer as genoeg" beteken dat jy genoeg sal hê wat jy nodig het en dat jy instaat sal wees om vir ander ook te kan gee.

Gewoonlik leef die meeste mense "van die hand-tot-die-mond" menende dat hulle elke maand dit maar net maak. God se doel met jou en my is dat ons meer as genoeg sal hê. Genoeg vir onsself en ook genoeg om vir ander te kan gee.

Ek weet ek praat met iemand wat graag ook ander wil seën. Jou sleutel tot sukses lê daarin dat jy sal verstaan wat Paulus gesê het in vers 6 naamlik: *"wie volop saai (gee) sal ook volop maai (ontvang)"* Moedig jouself aan om meer te gee.

Dit sal dan wees dat jy altyd sal hê wat jy nodig het, sodat jy vir ander ook <u>baie</u> kan gee. Ek raak opgewonde oor die woordjie "<u>baie</u>" wat hier geskrywe staan.

Deur al die jare wat ek die Here dien het ek gevind dat hy 'n God is van "meer as genoeg" Mag jy Hom ook so leer ken, indien dit nog nie die geval is nie.

# Jy en jou gesin

**Hebreërs 11:7** *"Deur die geloof het Noag, toe hy 'n goddelike waarskuwing ontvang het aangaande wat nog nie gesien was nie, met eerbiedige vrees die ark gereed gemaak tot redding van sy huisgesin..."*

God het Noag gewaarsku oor wat sou kom oor sy wêreld, naamlik die vloed.
Die oomblik toe dit gebeur het, het Noag dadelik in gehoorsaamheid begin bou aan die ark, wat uiteindelik gedien het as redding van sy huisgesin.
Die "Living Bible" gebruik woorde soos: *"He wasted no time"*
Dit wys hoe ernstig hy sy opdrag aangepak het.
Ek is so bly dat die Here belangstel in ons huisgesinne, ja in jou huisgesin.
Vir hierdie rede moet jy en ek ons besig hou met dinge wat uiteindelik daartoe sal bydra dat ons gesinne gered sal word van enige oordele en rampe.

Waaraan "bou" jy vandag? Waaraan gee jy die meeste van jou aandag? Is dit met dinge wat jou en jou gesin sal kan beskerm en sal lei dat julle almal gered sal word?

Evalueer waarmee jy besig is en kry jou prioriteite in orde, sodat jy weer duidelik die Here se opdrag sal verstaan rakende jou gesin, en dit kan uitvoer.

Sterkte vir jou en jou gesin wat so kosbaar is vir die Here!

## Geen veroordeling

**Romeine 8:1** *"Daar is nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie."*

*Die Boodskap vertaal ons teks met: "Goeie Nuus! God se oordeel is vir altyd verby vir elkeen wat aan Christus Jesus behoort."*

Godsdiens sê: "Gaan sondig nie meer nie, dan sal ons jou nie meer veroordeel nie"
Jesus het vir die vrou in Joh. 8 gesê: *"Ek veroordeel jou nie. Gaan en sondig nie meer nie"* Kan jy die groot verskil sien? Dank God vir Sy genade!
Baie Christene sê vir hulself: "God straf my oor my sondige verlede" terwyl die Bybel dit duidelik stel dat Hy nooit weer eers dink aan ons sondes nie. (Heb. 8:12) Glo dit!

Die Heilige Gees kla ons nie aan nie (m.a.w. Hy beskuldig ons nie) maar Hy oortuig ons (m.a.w. Hy help ons om die waarheid te glo) – Joh. 16:8.
Los die aankla werk vir die duiwel! In Open. 12:10 word die duiwel genoem *"die aanklaer van ons broeders..."*
In die Ou Testament het die Priester nie die sondaar ondersoek nie, maar die lam wat hy/sy gebring het.

Dank God vir Jesus die lam van God...Hy was ondersoek
en dit was bevind dat Hy 'n volmaakte offer vir jou en my was!
Loof Hom daarvoor.
Leef dus soos iemand met geen veroordeling.

## Tel jou Geloofskild op!

**Efesiërs 6:6** *"Neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die bose kan uitblus."*

Hierdie teks bring altyd die verhaal in 2 Sam.1:1-21 in my gedagte.
Dit is waar Dawid verneem het van die dood van Saul en Jonatan. In rou het Dawid uitgeroep: *"Berge van Gilbôa, mag op julle geen dou en geen reën en geen velde van offergawes wees nie! Want daar is die skild van die helde weggegooi, die skild van Saul, sonder dat dit met olie gesalf is." (vers 21)*
Dit spreek altyd tot my van manne en vroue, helde in die geloof, wat hul "Geloofskild" weggegooi het, en oorgegee het as verloorder.
As jy jou geloof verloor het, het jy alles verloor. Asb. moenie ophou glo in God nie.
Baie het hul "Geloofskild" weggegooi by die sterfbed van 'n geliefde; ander weer toe hulle finansieël gevou het; by 'n egskeiding; toe 'n godsman geval het; tydens 'n siekte of toe 'n profesie nie vervul is nie.
Vind jy jouself moedeloos en dat jy probleme het om te glo? Dan wil ek jou bemoedig met hierdie woorde: *"Tel weer jou geloofskild op sodat jy alle vurige pyle wat teen jou geskiet word sal kan uitblus!"*
Die Here genees nog. (1 Pet. 2:24)
Hy voorsien nog in al jou behoeftes. (Fil. 4:19)
Jesus Christus maak nog steeds waarlik vry. (Joh. 8:36)

As jy met jou hele hart in God glo, sal Hy jou geloof eer!

## Wees altyd bly in die Here

**Filippense 4:4** *"Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle!"*

Met vrymoedigheid kon Paulus hierdie woorde aan die gemeente in Filippi skryf.
Reg voor in sy brief aan hulle skryf hy: *"Ek dank my God elke maal as ek aan julle dink – en ek bid altyd in al my gebede vir julle almal in blydskap..."*
Die woorde "altyd" en "blydskap" staan uit in sy skrywe aan hulle.
Die Filippense kon glo wat hy skryf veral wanneer hulle daaraan dink hoe hy en Silas in Filippi se tronk was oor die Evangelie en hoe hulle in daardie donker en baie moeilike omstandighede God kon loof en prys. Sal hulle ooit kon vergeet van die skudding wat plaasgevind het in die gevangenis en van die deure wat oopgegaan het asook die redding van die hoof van die gevangenis? (Hand. 16)

Ek weet nie in watter omstandighede jy jouself vandag bevind nie, maar ek wil jou aanmoedig om jou te verbly in die Here omdat die Bybel ons leer dat *"...die blydskap in die Here – dit is julle beskutting."* (Nehemia 8:11) Dit is asof blydskap soos 'n muur ons asook ons gesin beskerm. Om swaarmoedigheid toe te laat sal jou geen oorwinning bring nie maar wees verseker as jy jou kan verbly in die Here sal jy ondervind hoedat God vir jou deurbrake gee.

Tel jou kop op; kry 'n lied in jou hart; gryp 'n skrifgedeelte vas en gee aan God al die eer en lof wat Hom toekom!

**Herlewing en blydskap loop hand-in-hand!**

**Psalm 85:7** *"Sal U ons nie weer lewend maak, sodat u volk in U bly kan wees nie?"*

Voordat die Psalmdigter hierdie woorde met vrymoedigheid kon bid, kon hy God dank dat Hy die volk se sondes vergewe en bedek het. (vers. 3)

Ek hoop jy bid soos ek vir 'n Godgegewe herlewing?
Ons land het dit voorwaar nodig. As ek dink aan die herlewing wat Wallis in 1903 beleef het toe duisende tot bekering gekom het en selfs die muile in die koolmyne nie hul werk kon doen nie omdat die myners nie meer op hulle gevloek en geskel het nie. Hoekom nie? Want die myners het tot bekering gekom.

Het jy blydskap nodig in jou lewe? Maak seker dat jy ook waarlik vergewe is en bid dan dat die Here jou *"lewend sal maak, **sodat jy bly kan wees**."*
Ja, mag daar vreugde olie wees wat die Here vir jou gee wat jou hele lewe sal vervul.

Blydskap is ook "aansteeklik" want jou blydskap sal mense om jou beinvloed vir God se koninkryk.
Lees weer Filippense 4:4

## Die Here vernuwe ons krag!

**Jesaja 40:31** *"...maar die wat op die Here wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels van die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie."*

In Psalm 103:5 beloof die Here ook aan ons dat Hy ons jeug weer nuut sal maak soos die van 'n arend. Dan lees ons ook in 2 Korinthiërs 4:16 *"Daarom gee ons nie moed op nie, maar al vergaan ons uiterlike mens ook, nogtans word die innerlike mens dag na dag vernuwe."*

Voel jy moeg en uitgeput? Weet dan dat die Here jou kragte wil vernuwe.

Hy doen dit vanuit jou binneste. Jesus het gesê in Johannes 7:38 *"Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei."* Moenie altyd iets verwag van "buite" af nie...maar verwag dit van "binne" af! God sal dit deur Sy Gees vir jou doen wanneer jy toelaat dat Sy Gees met jou gees konnekteer.

Dit is treffend om te dink dat toe Moses 120 jaar oud was kon hy nog self die berg Nebo uitgeklim het en was sy gesig so goed dat hy vandaar die hele land kon sien.

God kan jou en my ook so vernuwe.
Ons krag lê daarin dat ons op die Here sal wag!

## Hy het ons verlos

**Kolossense 1:13,14** *"Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van Sy liefde, in wie ons die verlossing het deur Sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes"*

Die Boodskap vertaal dit: *"Wel, ons was eers in die donker mag van God se vyande vasgevang. God het ons egter uit hulle mag geruk."*

Jy is nou in God se hand en niemand sal jou uit Sy hand kan ruk nie. Want Christus het verklaar in Joh. 10:28 *"En Ek gee hulle (My skape) die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit My hand ruk nie."*

Jy is nou in God se koninkryk en nie meer in die duisternis nie. Kol. 1:13 *"Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde."*
Dit alles het gebeur omdat Jesus se bloed jou gereinig het en as Hy jou vrygemaak het is jy mos waarlik vry! (Joh. 8:36)
Die duiwel sal natuurlik op verskillende maniere kom om jou aan te val en jou skuldig te laat voel, maar neem jou stand in Christus deur hierdie skrif te aanvaar en dit jou eie te maak.

Verloste! Gaan geniet jou dag in Hom wat jou verlos het!

## Die gevaar van moedeloosheid

**Josua 1:9** *"Het Ek jou nie beveel nie: Wees sterk en vol moed, wees nie bevrees of verskrik nie; want die Here jou God is met jou, oral waar jy heengaan."*

Hierdie was die boodskap wat God aan Josua gegee het voordat hy Israel in die beloofde land ingeneem het. Dit is ook die boodskap aan jou en my vandag!

Moedeloosheid beteken wanneer iemand sy/haar vertroue en hoop verloor het. "Collins English Dictionary" gee die volgende verklaring vir moedeloosheid: *"Discouragement is the act of trying to make someone not want to do something."*

Toe Elia gevlug het vir Isebel, wat hom wou doodmaak, het ons hom gevind waar hy onder 'n besembos gaan sit het, terwyl hy gebid het om te sterwe. Sy gebed vind ons in in 1 Kon. 19:4 *"Dit is nou genoeg, neem nou my siel weg, Here, want ek is nie beter as my vaders nie."*
Min het hy toe geweet dat God nog sy gesag wou oordra aan Elisa sy opvolger. Moenie dat moedeloosheid jou keer om 'n seën vir ander te wees nie.

Toe Johannes die doper moedeloos was in die gevangenis het hy op 'n stadium getwyfel aan Jesus en twee van sy dissipels na Jesus gestuur om te hoor of Hy werklik die Verlosser was! Sy woorde vind ons in Luk. 7:19 *"Is U die een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?"*
Moedeloosheid sal veroorsaak dat jy begin twyfel in God se waarhede, ja selfs twyfel in die Bybel.

Moet asb. nooit 'n besluit neem in moedeloosheid nie want so'n besluit is gewoonlik 'n verkeerde een.

## Saai en Maai

**2 Korinthiërs 9:6** *"Maar dink daaraan: Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai."*

Geld is verseker "saad" en volgens ons teks moet ons nie min gee nie maar in oorvloed (menende, die beste wat ek het om te gee) Wanneer ek op hierdie wyse gee sal God vir my genoeg gee vir myself sodat ek weer genoeg sal hê om vir ander ook te kan gee. (2 Kor. 9:8)
Iets wat jy reeds nou het om te gee kan die sleutel wees tot jou voorspoed.
Indien jy vashou aan dit wat jy nou het, mag dit die meeste wees wat jy sal besit.
Wanneer jy laat los wat in jou hand is, sal God laat los wat in Sy hand is.
Moenie skaam wees om jou "saad" 'n naam te gee nie. Vertel die Here waarvoor gee jy. Omdat alle saad 'n naam het, het ek en my vrou geleer om dit wat ons gee ook 'n naam te gee, en dit het ons gehelp om meer doelgerig te gee.

As jy 'n nood het, saai 'n saad.
Moenie net oor jou nood bid nie, maar gee jouself uit jou nood.
Weet dit dat wanneer die Here jou inspireer om te gee het Hy reeds 'n oes vir jou in Sy gedagte!

**"Saai en Maai" behels meer as geld!**

**Gal. 6:7- 9** *"Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar Hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai. En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie".*

Die Lewende Bybel vertaal een deel soos volg: *"Ons lewe op aarde is soos saad wat gesaai word om 'n oes daaruit te kry. Maar elkeen se oes sal afhang van die soort saad wat hy gesaai het. As dit sy selfsugtige sondige begeertes is wat hy saai, sal sy oes wees vernietiging en die dood. Maar as hy saai soos die Heilige Gees dit wil hê, sal sy oes wees die ewige lewe wat die Heilige Gees gee."*

Gedagtes is Saad  Ons gedagtes regeer ons lewens. Wat jy ookal gedink het tot hierdie dag het jou gemaak wat jy op hierdie oomblik is. As jy jou karakter wil verbeter moet jy dit wat jy bedink verbeter. (Kol. 3:1,2)
Woorde is Saad  Lewe en dood is in die mag van ons tong (Spr. 18:21) Leer om die regte woorde te gebruik wanneer jy praat. Hou op om negatief te praat.
Liefde is Saad  Hoe meer liefde jy saai, hoe meer liefde sal jy ontvang. Dit werk.
Geduld is Saad  Hoe meer jy geduldig is teenoor ander mense, hoe meer sal jy geduld ondervind in jou eie lewe. Dit sal jou 'n rustige mens maak.
Genade is Saad  Wil jy weet hoekom gee ek genade aan ander? Omdat ek baie genade nodig het.

Onthou: As jy gee soos die Heilige jou lei om te doen, sal jy die ewige lewe oes!

**Ons is Nuwe skepsels!**

**2 Korinthiërs 5:17** *"Daarom as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."*

Die letterlike betekenis van die woorde "Nuwe skepsel" meen 'n nuwe menslike spesie wat nog nie voorheen bestaan het nie. Daarom is jy nou uniek soos wat die vertaling in "The Living Bible" dit stel: *"When someone becomes a Christian he becomes a brand new person inside. He is not the same any more. A new life has begun."*
Dan kom "Die Boodskap" en helder 2 Kor. 5:17 verder op deur die volgende woord: *"Nou weet ek dat wanneer iemand aan Christus behoort, hy 'n splinternuwe mens is' 'n nuwe skepping in die kleine. Al die ou sondige dinge is dan iets van die verlede. Dan is die nuwe lewe hier!"*

Heel dikwels moet jy terug blaai na Efesiërs hoofstuk een en vir jouself herinner dat jy 'n geseënde is van die Here (vers 3) dat jy uitverkore is (vers 4) dat jy vergewe is (vers 7) dat jy 'n erfgenaam van God is (vers 11) en dat jy verseël is met die Heilige Gees (verse 13,14)

Leef soos iemand wat glo dat jy nie meer is wat jy was nie.
Die lewe gee jou altyd 'n tweede kans...ons noem dit môre!

## "Here roep my weer"

**Jesaja 6:8** *"Daarop hoor ek die stem van die Here wat sê: Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan? Toe antwoord ek: Hier is ek, stuur my."*

Jesaja was nie in hierdie teks vir die eerste maal deur God geroep nie. Hy was reeds 'n profeet toe hierdie roeping gekom het. Daarom is dit duidelik dat die Here ons oor en oor kan roep wanneer Hy ons nodig het.

Die Here het my finaal geroep om 5 Mei 1955. Maar dikwels het ek geweet dat Hy my weer 'n keer geroep het. Elke keer kon ek uitroep: "Here, hier is ek, stuur en gebruik my!" Wat van jou? Gewaar jy nie dat die Here jou opnuut weer roep nie? Daar is iets wat jy vir Hom in Sy koninkryk moet doen en Hy het jou nodig.

Dank die Here vir Rom. 11:29 naamlik: *"Want die genadegawes en die roeping van God is onberoulik"* Die Lewende Bybel stel dit soos volg: *"Want as God mense geroep het en dinge aan hulle gegee het, dan trek Hy dit nie weer terug nie."*

Die Here het jou nie "afgeskryf" nie, al voel jy soos "'n geknakte riet"
Skep moed en sê vir God: "Here hier is ek, gebruik my"

## Hou vas aan God se beloftes

**2 Korinthiërs 1:20** *"Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons."*

'n Prediker het eenmaal, terwyl hy preek, gesê dat daar 3000 beloftes van God in die Bybel is. Ek het nog nie probeer uitvind of dit waar is nie, maar weet daar is baie.
Een ding weet ek egter dat in Hom is elke belofte 'n duidelike "ja" en 'n "amen" (wat letterlik beteken "dit is en sal so wees")

Vir die redding van jou kinders, hou vas aan die belofte in Jer. 31:16 *"So sê die Here: Bedwing jou stem van geween en jou oë van trane...jou kinders sal uit die land van die vyand terugkom."* Gryp dié belofte vas met jou hele hart!

Vir jou (en jou geliefdes) se genesing, hou vas aan die belofte in 1 Pet. 2:24 *"Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra...Deur sy wonde is julle genees."* God het altyd die laaste sê oor ons lewe. Hou moed, Hy genees nog!

Wat jou finansies betref, glo die belofte in Fil. 4:19 *"En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus."* In die Boodskap staan hierdie woorde: *"Hy sal vir julle sorg deur vir julle te gee wat julle nodig het"*

Numeri 23:19 *"God is geen man dat Hy sou lieg nie; of 'n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie?"*

Hou dus vas aan elke belofte wat die Here jou gegee het!

## ‘n Ernstige gebed vir die tyd waarin ons leef!

**Psalm 51:12** *"Skep vir my ‘n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my ‘n vaste gees."*

Hierdie is ‘n gebed wat Dawid gebid het nadat hy in sonde geval het met Batseba en die profeet Natan hom vermaan het.

Dit is treffend om te lees hoe Dawid sy sonde voor die Here bely het, veral wanneer hy in vers 9 uitroep: *"Ontsondig my met hisop, dat ek rein kan wees"*
Hisop was ‘n plant wat gebruik was om pyn te verdoof. Dawid was ‘n skaapherder en ken dus hierdie plant, daarom bid hy so. Maar nou vertel hy die Here van die pyn hier diep in sy gees wat genees moet word, en hy gebruik die taal wat hy ken. God sal ook die taal van jou hart verstaan.
In sy gebed vra hy die volgende: ‘n Vaste gees (vers 12) ‘n Gewillige gees (vers 14) ‘n Gebroke gees (vers 19) Voorwaar dit is wat jy en ek van God nodig het!
Daar is nog iets wat jy ook moet insluit in jou gebed vir vandag, vra soos Dawid *"...en neem u Heilige Gees nie van my weg nie"* want sonder Sy Gees is ons verlore.
Opgesom: Ons bid vir: ‘n Vaste gees; ‘n gewillige gees; ‘n gebroke gees, maar bo alles vir die Heilige Gees!

Miskien het jy vandag iets wat “pyn” veroorsaak in jou hart? Weet dat God pyn en bekommernis kan verander in vreugde en oorwinning!

## Leef om ‘n Wenner te wees

**1 Korinthiërs 9:24** *"Weet julle nie dat atlete wat aan ‘n wedloop deelneem, wel almal hardloop, maar dat net een die prys ontvang nie?"*

Het jy geweet dat daar atlete is wat vir vier jaar hulself voorberei om tydens die Olimpiese Spele die 100 meter in minder as 10 sekondes te hardloop met die doel om die goue medalje te kan wen? Dink daaraan: Vier jaar om een item te wen! Ongelooflik! Hoeveel temeer moet ons nie ook hard "oefen" in hierdie lewe om ‘n wenner te wees nie!
Ek dink baie ouers leer hul kinders verkeerd wanneer hulle sê dat die kind sy/haar sport maar net moet "geniet" Ja, jou kind moet dit geniet maar leer hom/haar om van jongsaf ook te wen. Later sal dit hulle help in hul geestelike lewe.
Die Boodskap spel dit duidelik uit in vers 24: *"Moenie die spel van die lewe speel met die doel om tweede te kom nie. Leef jou lewe so dat jy wen."*
(vers 26) *"Daarom haal ek alles uit en speel die spel van hierdie lewe so goed ek kan, om te wen."*
‘n Atleet wat wil wen eet reg en oefen reg. Jy en ek moet sorg dat ons die regte geestelike voeding kry deur gereeld God se Woord te lees. Ons "oefening" sal ons daarin vind wanneer ons diensbaar is vir die Here.

Jy is gebore om ‘n wenner te wees, leef so dat jy sal wen!

## God het ons gemaak om te heers

**Gen. 1:26** *"En God het gesê: Laat ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip."*

Hierdie is selfs 'n goeie teks wat elke hengelaar kan onthou!
Adam was intellektuele 'n reus, daarom kon hy name gegee het aan al die diere.
Adam was ook liggaamlik 'n reus, want dit het die dood 930 jaar geneem om hom in sy graf te kry. In geheel gesien het God ons gemaak om te heers.

In Rustenburg moes ek vir 'n man gaan bid. Voor my het 'n 60 jarige man gesit wat geglo het dat hy 'n sielkundige geval was, want sy dogter het hom dit laat glo. Toe ék na hom kyk het ek 'n wenner gesien en dit vir hom gesê. Met trane het hy sy lewe aan Christus gegee, en dit was wonderlik om hom te groet as 'n nuwe mens in die Here. Onthou: Jy is wat God sê jy is en nie wat ander sê nie!

Aanvaar jouself. Die kleur van jou hare; jou neus; jou ore en jou lengte.
Oorwin jouself eers soos wat Dawid homself oorwin het toe sy oudste broer hom beledig het. Daarna kon hy Goliat oorwin.

Ek bid dat God die wen potensiaal in jou wakker sal maak, sodat jy sal heers

## Neem in besit!

**Josua 1:3,4** *"Elke plek waar julle voetsool op sal trap, dit gee ek aan julle...dit sal julle grondgebied wees."*

God het hierdie belofte oorspronklik aan Josua gegee as die nuwe leier van Israel in Moses se plek, toe hy die beloofde land in besit moes neem.
Ek glo hierdie belofte is ook vir jou en my om in besit te neem.
Ek ken 'n predikant wat so ernstig is oor hierdie teks in Josua 1:3 dat hy dit in die binnekant van sy skoene se sole skryf.
Waar hy loop neem hy dus in besit!
Miskien is dit te radikaal vir jou (en my) om te doen, maar ek wil jou vandag aanmoedig om in besit te neem wat die Here aan jou wil gee.
In die Engelse Bybel word die woord "grondgebied" vertaal met "territory" Dit meen: *""Territory is land which is controlled by a country or ruler"*

Wat jy in besit moet neem is op hierdie oomblik nie joune nie. Dit mag moontlik selfs 'n posisie in 'n span wees. Maar as jy 'n droom het dat jy dit moet in besit neem, waarvoor wag jy? Maak net seker wat die Here wil hê jy moet doen en gaan neem dit in besit...want God gee dit aan jou.

Wat die geestelike kant betref wil ek jou aanmoedig om die genadegawe wat God aan jou gegee het aan te wakker in jou lewe en dat jy volgens 2 Tim. 1:6 dit *"soos 'n vuur weer moet aanblaas"* Hoe doen jy dit? Jy doen dit deur jouself beskikbaar te stel vir God. Neem vandag jou eerste tree en beoefen daardie gawe wat in jou is.

*"Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag" (Prediker 9:10)*

**Ons is lewende stene**

**1 Petrus 2:5** *"...en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis."*

Die Boodskao vertaal dit: *"Julle moet ook sulke goeie, lewende stene wees sodat God julle in die geestelike huis kan inbou."*

Stene wat nie ingemessel is in 'n gebou nie kan weggedra word. Hoe dikwels het ons dit nie gesien by plekke waar gebou word nie.
By Botshobello, nie vêr van Bloemfontein af nie, het ek selfs gesien hoe deurkosyne en vensterrame met kettings vasgemaak was sodat die bouer sy huis kon voltooi.
Gaan dit nie in die Here se Kerk ook vandag so nie? Talle lidmate is nie "ingemessel" in die gemeente nie en wanneer jy weer sien is hulle by 'n ander gemeente.

Elke steen wat ingebou word in 'n gebou word deur twee ander stene gedra en self dra daardie steen weer ander. Elke steen het die potensiaal om 'n hele gebou te help dra.
Kan jy sien watter voorreg het jy as "lewende steen" asook watter potensiaal daar in jou is as "'n lewende steen" in God se huis? In die gemeente word jy ondersteun deur ander terwyl jy weer op jou beurt ander kan dra.

Indien jy tans nie ingebou is in 'n gemeente nie, wil ek jou vra om die Heilige Gees toe te laat om jou deeglik in te bou. Wees voorwaar "'n lewende steen" vir die Here!

## As iemand dors het!

**Johannes 7:37,38** *"As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei."*

Hierdie woorde het Jesus gesê op die laaste dag van die huttefees toe die priesters met goue kruike water geskep het uit die badwater van Sioam om dit by die tempelaltaar uit te gooi, terwyl almal God geloof het. Die Levitiese koor was daar met die tempel orkes en almal wat God geloof het vir die water wat Hy vir Israel voorsien het tydens hul tog deur die wildernis op pad na die beloofde land. Ja, dit was 'n groot fees van blydskap.
Toe almal se fokus op die water was het Jesus hardop uitgeroep: *"As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!"* Jy moet 'n dors hê as jy iets van die Here verwag! Voeg jou stem by die Psalmdigter wat eenmaal uitgeroep het in Psalm 42:1 *"Soos 'n bokkie in die woestyn wat dors is vir water, so het ek 'n vurige verlange om by U te wees, God!" (Die Boodskap)*

<u>Het jy 'n dors na die Here?</u> Indien jy dit het en glo, soos die Skrif sê, dan sal strome van lewende water voorwaar uit jou binneste vloei. Hierdie "lewende water" is die Heilige Gees en sal vanuit jou binneste uitvloei na buite!

Mag die Gees jou innerlike dors vandag les en jou gebruik om ander ten goede te beinvloed!

## Leer om te wag

**Jes. 28:16** *"...hy wat glo, sal nie haastig wees nie."*
*"Iemand wat op die Here vertrou, hoef nie paniekerig te word nie" (Die Boodskap)*

Jesus was nie haastig toe Hy gehoor het van Lasarus se dood nie, want Hy het geweet dat Lasarus se siekte uiteindelik God sou verheerlik. (Joh. 11:4)
Natuurlik weet jy en ek nie alles soos Jesus nie, maar die boodskap bly...Ons moet leer om te wag. Dit is iets wat ek oor-en-oor moet leer in my lewe.
Miskien praat ek met iemand wat voor 'n groot uitdaging staan en jy moet keer om nie paniekerig te raak nie. Ek wil jou bemoedig met die woorde wat geskrywe staan in Exodus 14:14 *"Die Here sal vir julle stry, en julle moet stil wees."*
Ek bid dat alle vrees uit jou lewe sal verdwyn en dat jy sal maak wat daardie ou liedjie ons geleer het..."Let go, and let God have His wonderful way" In elk geval die meeste dinge wat ons vrees sal nooit gebeur nie!

Soos Naäman (2 Kon. 5) wil ons uitkoms kry rakende ons probleem op ons manier, terwyl God dit op Sy manier wil doen. Die Bybel sê immers in Jesaja 55:8 *"Want My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie My weë nie, spreek die Here."*

Raak nou rustig in jou hart, en leer om nie haastig te wees nie. God sal nooit laat wees nie, jy kan Hom vertrou!

**Wanneer jy voel dat jy moeg geword het**

**2 Samuel 21:15** *"...en Dawid het al moeg geword."*

In "Die Boodskap" vertaling lees ons: *"Dawid het baie moeg geword in die geveg. 'n Filistyn het toe gedink hy kan Dawid doodmaak. Hy was 'n reus van 'n man."*

Hierdie reus se spies van brons het meer as drie kilogram geweeg! Dank God vir Abisai wat Dawid gehelp het en die groot Filistyn doodgemaak het. Daarna het Dawid se manne hom laat sweer dat hy nie meer saam met hulle sal veg nie omdat hulle bang was dat hy iets sou oorkom, en soos hulle dit gestel het *"die lamp van Israel nie uitgeblus sou word nie"* (Ons lees dit in vers 17)

Voel jy dat jy moeg geword het in jou "geveg" teen die daaglikse uitdagings? Dit is nou die tyd dat jy jou mede-gelowige nodig het om jou by te staan, sodat jy kan oorwin. Wat 'n voorreg om aan 'n gemeente (en 'n selgroep) te behoort wat my kan bystaan in tye wanneer die aanslag van die vyand teveel geword het.
Dawid se manne was so beskermend teenoor hom dat hulle selfs gevra het dat hy nie meer alleen die vyand sal aandurf nie, want sou hy verloor dan verloor Israel.

Wees gewaarsku teen die vyand wat jou wil vernietig omdat jy moeg geword het.
Sorg dat jou broers en susters in die Here naby jou sal wees om jou by te staan.
Al gewaar jy 'n moegheid...sal jy oorwin!

## God se pad

**Handelinge 8:26** *"En 'n engel van die Here het met Filippus gespreek en gesê: Staan op en gaan na die suide op die pad wat afloop van Jerusalem na Gasa. Dit is 'n eensame pad."*

Die verhaal wat ons vind in Hand. 8: 26 tot 40 is waar Filippus deur die Here gestuur was na die woestyn, wat hier beskryf word as *"'n eensame pad"* Daar moes hy met die hofdienaar van Ethiopië kontak te maak, en aan hom die Evangelie verkondig. Hierdie Ethiopiër was aangestel oor al die skatte van sy Koningin, wat hom dus die Minister van finansies gemaak het. Hy was besig om die deel in Jesaja te lees wat ons vandag ken as Jesaja 53.

Jy sal baie keer ervaar dat wanneer die Here jou 'n opdrag gee om iets vir Hom te doen dat jy jouself sal vind op 'n eensame pad. Die Here wil ons in kontak bring met mense wat (soos hierdie Ethiopiër) nie verstaan wat hulle in die Bybel lees nie, sodat ons God se waarheid aan hulle kan oordra. Dit kan ook wees dat die Here jou na *"'n eensame pad"* stuur om iemand te help wat 'n dierbare verloor het; iemand wat geskei is; iemand wat siek is of iemand wat finansieel gevou het. Dit boodskap is dat God jou (en my) in kontak wil bring met iemand op *"'n eensame pad"*
Gelukkig eindig God se eensame pad nie daar nie, maar dit eindig altyd in 'n pad van blydskap, soos wat ons duidelik lees in vers 39 naamlik *"...want hy het sy weg met blydskap gereis."* Altwee hierdie persone het blydskap ervaar. Eers was hulle op 'n eensame pad, maar nou het hulle hul reis voortgesit met blydskap! Jy sal blydskap ondervind asook die persoon wat jy moes help.

Vir die op 'n eensame pad is die boodskap:
*"Jou lig sal deurbreek soos die dageraad en jou genesing (herstel) sal skielik uitspruit." (Jesaja 58:8)*

## Winde en storms van die lewe

**Job 38:1** *"Daarna het die Here Job uit 'n storm geantwoord..."*

Dit is duidelik dat die Here wel kan praat uit 'n storm...want Hy het tog immers met Job gepraat.

'n Treffende verhaal van winde en storms leer ons in Hand. 17. Dit is waar Paulus homself bevind het op 'n boot as 'n gevangene op pad na Rome. Lees self gerus weer hierdie besondere hoofstuk.

Ons vind woorde soos die volgende in hierdie hoofstuk, naamlik: *"En daarvandaan het ons afgevaar en onderkant Ciprus verbygeseil, <u>omdat die winde teen ons was.</u>"* (vers 4) Miskien ervaar jy iets soortgelyks vandag? Of selfs wat in vers 7 geskrywe staan: *"<u>en omdat die wind ons dit nie toegelaat het nie...</u>"* Dit kan God wees wat deur hierdie winde jou rigting wil verander...wees sensitief en luister na wat Hy vir jou wil sê.

Volgens verse 13,14 kom daar winde wat "saggies waai" maar dan ewe skielik weer 'n "stormwind" (soos onverwagte siekte of 'n finansiële skok) Moet asb. net nie kom waar die bemanning was in vers 15 nie! *"En toe die skip meegesleep is en nie teen die wind op kon seil nie, het ons dit opgegee en weggedrywe."*

<u>Daar is 'n liedjie wat sê</u>:

"Don't give up, you are on the brink of a miracle"

Soos Paulus wil ek jou bemoedig met die woorde: *"Daarom, hou moed...want ek glo God..."* (vers 25) Saam met jou glo ek dat God jou sal deurdra deur enige storm.

Asb, moenie nou moed opgee nie!! Al moet jy van jou "vrag" wat jy tans dra ontslae raak (verse 18,19) Maak soos wat ons lees in Hebreërs 12:1 *"...laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring..."*

Storms help ons om ontslae te raak van die laste wat ons dra. Jy en ek wil kom waar Paulus en die manne op die boot was...*"En so het almal behoue aan land gekom." (vers 44)*

Dit sal met jou ook gebeur!

# My alles behoort aan die Here

**Job 13:27** *"U trek vir U 'n streep om die sole van my voete."*
*Die Boodskap: "U het my voete in boeie gesit. U hou elke tree dop wat ek gee. U volg selfs my voetspore."*

Alles binne hierdie kring behoort aan die Here!
Baie wil 'n wye kring om hulself trek sodat hulle genoeg ruimte het om te beweeg en te maak soos hulle wil. Maar Job stel dit duidelik waar hierdie kring is.

Om die sole van my voete! Alles, en dit is letterlik alles van my, behoort aan God.
Ek trek nie die kring nie want God het reeds die kring getrek. Ons moet dit nooit vergeet waar ons ookal vandag ons bevind nie.

Dit gaan nie net dat ek gewaarsku moet wees nie, om nie verkeerde paaie te loop nie, maar dit gaan ook daaroor dat ek moet weet dat God elke deel van my sal beskerm en my voorsiener in alles sal wees.

"Here, dankie dat ek geheel aan u behoort en daarom gee ek my gees, siel en liggaam aan u. Dankie ook dat ek weet ek in totaal deur U beskerm word."

# Hoe ryk is jy?

**Lukas 12:15** *"...iemand se lewe bestaan nie uit die oorvloed van sy lewe nie."*

Hoe bepaal 'n mens iemand se werklike rykdom?
In Lukas 12 praat Jesus met die skare oor baie belangrike sake, soos: Hoe God gevrees moet word; dat ons meer werd is as baie mossies; dat ons Hom moet bely voor die mense en dat die Heilige Gees ons sal verdedig wanneer ons dit nodig het. Dan onverwags vra iemand uit die skare: *"Meester, sê vir my broer dat hy die erfenis met my moet deel"*
Dit is asof hierdie man nie mooi ag geslaan het op die groot waarhede wat Jesus hul geleer het nie, want sy probleem was sy besittings! Jesus gee toe dadelik aandag aan sy vraag en antwoord met die woorde in ons teks. Hy verduidelik verder deur die gelykenis van die ryk dwaas te vertel.

Dit is nie 'n sonde om dinge te besit nie, maar dit is 'n sonde as dinge my besit!
Hierdie man in ons verhaal word "die ryk dwaas" genoem omdat hy God buite rekening gelaat het in sy beplanning. Dit is treffend om te sien dat die woordjie "ek" sewe keer voorkom in hierdie verhaal.

Ek het eenmaal 'n storie gehoor van 'n sendeling wat 'n ryk boer besoek het. Omdat die boer die sendeling wou beindruk met sy rykdom het hy hom sy groot plaas gaan wys. Elke keer het hy gewys na sy baie skape en dan weer sy baie beeste asook die pragtige landerye en die sendeling laat verstaan dat alles aan hom behoort. Skielik wys die sendeling na die hemel en vra die boer: "Meneer, hoe ryk is u in daardie rigting?"

Die vraag is: "Hoe ryk is ons hemelwaarts?
Kom ek en jy werk daaraan om ryk te wees in God!

## Saai in moeilike tye

**Genesis 26:1,12** *"En daar was hongersnood in die land, ...Isak het toe in dié land gesaai en daardie jaar honderdvoudig gewen, want die Here het hom geseën."*

Ons leef vandag in baie moeilike tye. Daar is baie mense wat of hul werk verloor het of nie werk het nie. Alles word net duurder en geld bly waarde verloor. Ons sukkel om op 'n vaste begroting te werk omdat alles net eenvoudig maandeliks verhoog.

In die verhaal van Isak was dit 'n werklike droogte en was dit nie 'n tyd om enige saad in die grond te sit nie. Maar die Here het hom opdrag gegee om in daardie land te bly, en tenspyte van die droogte, sy saad in die grond te plaas.

<u>In ons Skrifgedeelte leer ons 'n baie groot geestelike les en dit is dat ons moet bly gee selfs in moeilike tye!</u>

Isak se naam beteken "blydskap" en dit laat my dink aan 2 Kor. 9:7 waar ons geleer word om te saai (of dan te gee) met blydskap. God het 'n blymoedige gewer lief.
In die Amplified Bybel vind ons hierdie woorde in 2 Kor. 9:7 naamlik: *"...for God loves...a cheerful giver (joyous, promp-to-do-it) giver – whose heart is in his giving."*
Moet nooit vergeet dat Isak in opdrag van die Here gesaai het. Daarom moet jy gee indien jy oortuig is dat die Here dit op jou hart plaas om dit te doen.

Dankie dat jy bereid is om te "saai"
Saai soos wat ons lees in 2 Kor. 9:6

**As ons met erns kan bid...**

**Handeling 4:31** *"En toe hulle gebid het, is die plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek."*

Vandag word alle bidders opgeroep om met groter erns te bid! Dit is wonderlik om te sien wat God alles gedoen het vir die eerste kerk in Jerusalem toe hulle gebid het.

<u>Lees met aandag Handelinge 4 en 5, dan vind jy die volgende:</u>
Die plek was geskud waar hulle saam was. Ons land het in hierdie tyd 'n geestelike skudding van God nodig! In dieselfde vers lees ons ook dat hulle almal vervul was met die Heilige Gees. Kom ons bid ernstig dat God Sy Gees sal uitgestort. Dit is tog immers net Sy Gees wat jou en my vrymoedigheid sal gee om te vertel van wat Hy vir ons gedoen het. Het jy jou vrymoedigheid verloor om te getuig?
Omdat hulle gebid het, was hulle "een van hart en siel" As jy kan bid sal God eenheid in jou gemeente gee, asook in jou gesin en, as dit nodig is, in jou huwelik. 'n Huis wat in homself verdeeld is sal mos nie bly staan nie. (Mark 3:25)

Omdat hulle in daardie eerste gemeente in Jerusalem gebid het, was verkeerde dinge onder hulle geopenbaar. In hierdie geval was dit die sonde van Ananias en Saffira. Ons lees daarvan in Hand. 5:1-11. Bid ernstig dat gemeentes "skoon gemaak" word van verkeerde dinge, asook ons land van korrupsie.
My hart roep daarna dat die Here wonders en tekens sal doen, soos wat gebeur het in Jerusalem in Hand. 5:12-16. As God dit vir die gemeente in Jerusalem gedoen het kan Hy dit ook vir ons doen.

Jy het die sleutel in jou hand...en dit is om te bid.
Gebruik hierdie sleutel om deure oop te sluit!

**Om die verkeerde verlede te vergeet**

**Filippense 3:14** *"Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is..."*

In Paulus se geval moes hy baie dinge vergeet het, soos hoedat hy die Christene vervolg en hulle in tronke gestop het. As 'n mens nie die "verkeerde verlede" kan vergeet nie, sal jy nie kan oorwin nie.

Een van die treffendste verhale in die Bybel oor hoe God iemand gehelp het om te vergeet, vind ons in die lewe van Josef. Hy was verwerp deur sy familie; as slaaf verkoop en het onskuldig in die tronk beland. Gelukkig het sy oorwinning gekom die dag toe sy eerste seun, Manasse, gebore was. Ons lees in Genesis 41:51 *"En Josef het die eersgeborene Manasse genoem; want, het hy gesê, God het my al my moeite laat vergeet en ook die huis van my vader."* Die fout wat Josef gemaak het was om sy drome te vroeg te vertel en ook om dit te vertel aan mense wat hom nie aanvaar het nie. Seker 'n les vir ons om te leer?

Wonderlik! Die geboorte van Josef se eerste seun het hom gehelp om te vergeet.
Dank die Here vir "geestelike geboortes" wat God gee soos die "wedergeboorte" want deur die wedergeboorte (Joh. 3) het jy en ek 'n nuwe skepsel geword (2 Kor. 5:17)

<u>Onthou die volgende</u>:

*"'n Geboorte het nie 'n verlede nie, maar net 'n toekoms!"*

Jy en ek moet God toelaat om in ons 'n "geestelike geboorte" te bewerk sodat ons die verkeerde verlede kan vergeet!

## Leer om te gee

**Lukas 6:38** *"Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word."*
*Die Booskap se vertaling hiervan is so mooi:* *"Deel jou besittings met ander, dan sal God vir julle sorg. Julle sal nooit te min hê om van te leef nie. Julle sal van kop tot tone oorlaai word met goeie dinge. Ja, julle ganse lewe sal oorloop van goedheid..."*

Die Bybel leer ons dat dit beter is om te gee as om te ontvang. (Hand. 20:35) Maar moet nooit skaam wees om te ontvang nie.

Ek hou van die gedagte waar Jesus sê dat indien ons gegee het sal ons ontvang in ons skoot. Ek het altyd gedink net 'n vrou het 'n skoot. Maar enige persoon wat sit vorm 'n skoot. Die les wat ons hier leer is dat ons rustig moet raak nadat ons gegee het en gereed maak om te ontvang.

Normaalweg verstaan ons dat 'n mens wat sit, werk nie. Die vraag wat ek wil vra is hoekom wil ons "werk" vir alles? Daar is selfs hulle wat wil werk vir hul saligheid, terwyl Christus reeds die volle prys betaal het.
Natuurlik moet ons nie lui wees nie, want die Bybel sê as jy nie wil werk nie dan moet jy ook nie eet nie! Maar lees ons Skrifgedeelte weer totdat jy dit begryp.

Vra die Here om iemand vandag op jou hart te lê vir wie jy kan gee. Al sou dit iets klein wees in jy eie oë.
En asseblief, moenie te trots wees om te kan ontvang nie!

## Geen veroordeling

**Romeine 8:1** *"Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.*

Die Boodskap vertaal dit: *"Goeie nuus! God se oordeel is vir altyd verby vir elkeen wat aan Christus Jesus behoort."*

Iemand wat veroordeel is, is reeds gevonnis! Vir daardie rede het Jesus vir die vrou wat in die Bybel bekend staan as *"die owerspelige vrou"* gesê: *"Ek veroordeel jou ook nie. Gaan en sondig nie meer nie" (Joh. 8:11)* Jesus het nie haar sonde goedgekeur nie, maar Sy genade was vir haar genoeg.
Talle mense sal sê: "Gaan sondig nie meer nie, dan sal ons jou nie veroordeel nie"

In 1969 moes ek gaan vir 'n groot rugoperasie nadat ek baie pyn verduur het vir meer as twee jaar. Voor die operasie het iemand oor my "geprofeteer" en gesê dat indien ek my laat opereer sal ek sondig teen die Heilige Gees. Ek kon nie die operasie uitstel nie, maar het ongelukkig hierdie verdoemende woorde geglo. As gevolg hiervan kon ek na die operasie nie preek nie en ook nie vir enige sieke bid nie. Totdat ek tydens 'n konferensie in die Kaap gedwing was om vir 'n baie siek jongman te bid. Wonderbaarlik het God daardie oomblik die jongman genees...maar die grootste wonderwerk was dat ek vry was van enige veroordeling!
Daardie aand moes ek preek by hierdie konferensie, waar meer as 30 kerke teenwoordig was, en die goddelike deurbraak wat die Here gegee het sal ek nooit in my lewe kan vergeet nie. Jy sien, as prediker was ek vry van veroordeling!

Eienaardig, die Here het ons lankal vergewe, dan vergewe ons onsself nie.
Gryp opnuut vas aan God se genade, en aanvaar die boodskap van: *"Geen veroordeling"*

**Wanneer vrees kom?**

**2 Timotheüs 1:7** *"Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing."*

Ek dink dit is reg om te vrees as 'n 20 ton vragmotor op jou afstorm en jy moet omtrent spring om uit sy pad te kom, want ek glo daar is iets soos "natuurlike vrees" Maar daar is 'n vrees wat jou vasgryp dat jy nie kan slaap nie en dat jy nie weet wat jy die volgende oomblik moet doen nie. Dit is dan dat ons teks so waardevol is.

Die Psalmis sê iets mooi oor vrees in Psalm 112:1,7 *"Welgeluksalig is die man wat die Here vrees (wat respek vir die Here het)...Hy vrees (skrik nie) nie vir slegte tyding nie; sy hart is gerus, vol vertroue op die Here."*
Die Booskap stel dit so: *"Slegte nuus ontstel hom nie, want sy hand is veilig in die Here s'n."* Lees self weer Psalm 27:1-5

Die meeste dinge wat ons vrees, sal nooit sal gebeur nie.
Wat maak ek as vrees kom rakende my finansies? Dan staan ek op die beloftes in Mal. 3:10 asook 2 Kor. 9:6-11.
En as siekte my (en my dierbares) wil oorweldig, wat dan? Dan sê ek dat God my nie 'n gees van vreesagtigheid gegee het nie en dat ek weet dat ek deur Sy wonde genees is soos wat ek lees in 1 Petrus 2:24.
Ek onthou ook wat Past. Paul Schock van Amerika eendag vir 'n vrou gesê het wat geteister was met 'n vrees van selfmoord. Sy woorde aan haar was: "Prys die Here suster, Jesus was net soos jy geteister deur die duiwel om selfmoord te pleeg deur van die tempel se dak af te spring. Soos Hy oorwin het sal jy ook" (Matt. 4:5-7)

As vrees kom, weet dat jy in God se hand is en dat niemand jou uit Sy hand sal kan uitruk nie!

**Skrik vir geen wapen van die vyand nie!**

**Jesaja 54:17** *"Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê. Dit is die erfdeel van die knegte van die Here..."*

Die Boodskap stel dit so: *"Geen wapen wat teen jou gebruik word, sal suksesvol wees nie. Iemand wat verkeerd teen jou getuig in die hof, sal vervolg word. Dit is hoe Ek hulle beskerm wat doen wat Ek van hulle vra..."*

Hierdie is my boodskap aan jou vandag! Ja, die vyand mag wel wapens teen jou opneem, maar skrik nie daarvoor nie, want God sê dat dit niks sal kan uitrig nie!

Volgens wat ons lees in Efesiërs 6:14-18 het jy en ek die volgende wapens, naamlik:

Waarheid Jesus het gesê dat die waarheid ons sal vrymaak. Waarheid is 'n baie sterk wapen in ons hand.

Geregtigheid Wanneer jy voor God kan staan sonder blaam.

"Jou skoene" Gewilligheid is om die evangelie oor te dra.

Geloof Is 'n skild wat die vyand se wapens keer voordat dit jou sal tref.

"helm van verlossing" God se beskerming oor ons gedagtes.

Dan het ons nog die Bybel wat dien as 'n swaard wat as aanvalswapen kan dien.

Gebed wat ons sleutel tot God se troon is sodat ons met Hom direk kan praat!

Skrik vir niks, want jou wapens is groter as die vyand s'n!

**Om Hom te ken**

**Filippense 3:10** *"...sodat ek Hom kan ken en die krag van Sy opstanding..."*

Die "Amplified" Bybel lees soos volg: *"...that I may know Him – that I may progressively become more deeply and intimately with Him..."*

Die Boodskap: *"Een ding wil ek nou regtig graag hê, en dit is om Jesus te ken."*

Hoe ken jy die Here? Begeer jy om Hom beter te leer ken?
Die Griekse woord wat hier gebruik word vir *"ken"* verwys na 'n baie intieme verhouding met die Here. Geen wonder dat Paulus in 2 Kor. 2:15 die volgende geskryf het: *"Want ons is 'n aangename geur van Christus tot eer van God..."*

Of soos Die Boodskap dit stel: *"Ons is soos 'n aangename geur wat ander mense van Christus bewus maak. Ons versprei die wonderlike aroma van Christus tot eer van God. Almal wat met ons te doen het, weet daarvan..."* Ek hou hiervan!

Indien jy Hom waarlik ken beloof Hy dat Hy jou paaie sal gelykmaak. (Spreuke 2:6)
Die Amplified Bybel vertaal dit so: *"In all your ways know, recognize and acknowledge Him, and He will direct and make straight and plain your paths."*

Gaan versprei Christus se aroma vandag.

## Daar moet 'n verskil wees

**Maleagi 3:18** *"Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat die Here dien en die wat Hom nie dien nie."*

Ek dink jy sal saam stem dat daar altyd 'n verskil behoort te wees tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie? Van die begin af was dit so.

Een uitstaande voorbeeld wat God gebruik het om ons teks te onderstreep was toe Israel slawe was in Epipteland.
Die Bybel vertel ons dat by die negende plaag het daar vir drie dae *"dik duisternis"* in die hele Egipteland gekom. Maar dan lees ons in Exodus 10:23: *"Maar al die kinders van Israel het lig in hulle woonplekke gehad."* Aan die een kant was daar duisternis en aan die anderkant lig.
Dit is dié soort verskil wat daar vandag behoort te wees!
Ons leef in 'n wêreld waar mense "die lig haat" (Joh. 3:20)
Jy en ek wat God waarlik lief het, moet leef soos wat ons lees in Matt 5:16 *"Laat julle lig so skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik."*
Maak vandag 'n verskil waar jy werk; in jou sport en as student waar jy studeer. Wys ook daar waar jy woon, dat jy 'n verskil kan maak deur jou leefwyse.

Ons is <u>in</u> die wêreld maar nie <u>van</u> die wêreld nie! (Joh. 17:16)

## Geloof is in jou mond

**Romeine 10:8** *"Maar wat sê dit? Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord wat ons vverkondig."*
<u>The Amplified Bible:</u> *"But what does it say? The Word (God's message in Christ) is near you, on your lips and in your heart; that is, the Word – the message, the basis and object – of faith, which we preach."*

Geloof moet nie net in ons harte bly nie, maar moet in ons mond ook wees! Selfs as iemand gered wil word sê die Bybel:
*"Dit is baie maklik om gered te word.*
*Al wat jy moet doen, is om met jou woorde te erken Jesus is die Here en om met alles in jou te glo God het Hom uit die dood laat opstaan. As jy dit glo, spreek God jou vry van al jou sondes." (Rom. 10:9,10 in Die Boodskap)*

Ons woorde speel 'n geweldige groot rol in ons lewe. Jesus het hierdie treffende verklaring gemaak oor ons woorde:

*"Maar julle kan nie wegsteek wat binne-in julle aangaan nie. Uit wat julle sê, verraai julle julleself. Soos die spreekwoord sê: 'Waar die hart van vol is, loop die mond van oor.' As jy luister na wat iemand sê, sal jy agterkom of sy gesindheid reg is en hy van 'binne' skoon is...Wat jy sê, is dus verskriklik belangrik. Immers, op grond van wat jy sê, sal God besluit of jou saak met Hom reg is of nie." (Matt. 12:34-37 )*

Leer om genesing te spreek; leer om oorwinning oor jou finansies te spreek; leer om dit uit te spreek dat jy meer as oorwinnaar is in Christus.

Verstaan die boodskap dat God se Woord in jou hart is maar ook in jou mond. Spreek Sy Woord uit!

**Wees entoesiasties – leef met 'n passie!**

**Rom. 12:11** "*Wees nie traag in die ywer nie; wees vurig van gees; dien die Here."*

The Message: *"Don't burn out; keep yourself fuelled and aflame."*

Die Boodskap: *"Moenie vir een enkele oomblik verslap in julle diens aan die Here nie. Nee, laat die Gees julle met sy krag aan die brand steek sodat julle voluit vir God kan leef. Dien die Here met groot oorgawe."*

Amplified: *"…be aglow and burning with the Spirit…"*

Collins Dictionary says: *"Enthusiasm is great eagerness to be involved in a particular activity which you like and enjoy or which you think is important"*

Sonder entoesiasme word die hoogste sporte in die lewe nie bereik nie. Entoesiasme verhoog jou energie. Entoesiasme is soos suurdeeg wat die brood meer laat word. Entoesiasme wek sluimerende kragte in jou op, en maak jou vrymoedig. Ouderdom mag jou vel vol plooie maak, maar as jy jou entoesiasme verloor sal daar "plooie" in jou siel ontstaan. Entoesiasme sal jou laat praat, doen en sing.

Paulus was 'n entoesiastiese mens, daarom kon hy uitroep in Fil. 4:13 (Amplified) *"I have strength for all things in Christ who empowers me -- I am ready for anything and equal to anything through Him who infuses inner strength into me"*

Die Emmaus-gangers kon uitroep in Lukas 24:32: *"Was ons hart nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?"* Hul gesprek met Jesus het weer entoesiasme gebring in hul harte.

Ons sal entoesiasme ervaar as ons meer in gebed met Christus gesels en ons harte teenoor Hom oopmaak.
En asseblief, vergeet die verkeerde verlede! (Fil. 3:14)

## Waarheid maak vry

**Johannes 8:32** *"En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak."*

Om die waarheid "te ken" meen om dit "te ontdek" en "te ondervind"
Waarheid is soos 'n leeu wat homself kan verdedig. Daarom kan ek oor-en-oor sê: *"As jy die waarheid gepraat het hoef jy nooit te onthou wat jy gesê het nie"*

Waarheid haal altyd die leuen in. Jou en my probleem is dat ons nie kan wag nie, en dat ons altyd oorhaastig is. Gee jou probleem genoeg tyd om opgelos te word.
Laat toe dat die "leeu" (die waarheid) self sy prooi sal "vang."
Staan terug en aanskou hoedat die Here vir jou sal intree omdat jy die waarheid gekies het. Onthou wat in Exodus 14:14 geskrywe staan, naamlik: *Die Here sal vir julle stry, en julle moet stil wees."* Toe ek 'n jong Christen was het die gemeente waar ek was baie die liedjie gesing: "Let go and let God have His wonderful way"
Ons moet leer om net soms "te laat los" en God toe te laat om ons probleme vir ons op te los. Werp dus al jou bekommernisse op Hom, want Hy sal sorg vir jou.

'n Groot waarheid wat so pas tot my gekom het is:
"You may not be able to keep people from attacking you, but you can at least stop supplying them with ammunition."

## God se gunstige tyd

**Prediker 3:1** *"Alles het sy bepaalde uur, en vir elke saak onder die hemel is daar 'n tyd."*

In die Nuwe Testament word twee Griekse woorde vir tyd gebruik. Die een is *"chronos"* (wat gewone tyd beteken) en die ander een is *"kairos"* (wat God se gunstige tyd is) Ek wil graag met jou gesels oor die woord *"kairos"* naamlik God se *"gunstige tyd"*.
In Lukas 19:41-44 het Jesus geween oor Jerusalem, terwyl Hy vir hulle gesê het: *"die gunstige tyd (kairos) toe God julle besoek het, (het julle) nie opgemerk het nie."* Die tragedie met Jerusalem se einde was dat die Romeinse generaal, Titus, die stad in 70NC totaal verwoes het en 600,000 Jode dood gemaak het. As, Jerusalem maar net geluister het!

Jy en ek moet weet wanneer dit God se "gunstige tyd" in ons lewens is, en gebruik maak van daardie tyd.
Geen wonder dat die Bybel sê: *"Koop die tyd uit, omdat die dae boos is." (Ef. 5:16)*
Wanneer God se gunstige tyd vir jou aanbreek, moet jy maak soos wat ons lees in Pred. 9:10 *"Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag."*
Die hoof rede hiervoor is dat die lewe soos 'n foto is wat jy moet neem. Jy neem dit of jy mis dit.

Jy is nie per toeval op aarde nie. Jy is nie per toeval waar jy nou jouself bevind nie.
Weet dat God het 'n duidelike plan met jou lewe.

## Die Heilige Gees soos 'n duif

**Johannes 1:32,33** *"En Johannes het getuig en gesê: Ek het die Gees soos 'n duif uit die hemel sien neerdaal, en Hy het op Hom gebly. En ek het Hom nie geken nie; maar Hy wat my gestuur het om met water te doop, Hy het aan my gesê: Op wie jy die Gees sien neerdaal en op Hom bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop."*

Natuurlik weet ons dat God se Gees nie 'n duif is nie, maar dit is treffend dat die Heilige Gees vergelyk word met 'n duif.

'n Duif is baie sensitief. Gee ag op die woorde in Ef. 4:30, naamlik: *"En bedroef nie die Heilige Gees van God nie."* Die Boodskap: *"Moenie die Heilige Gees wat God vir julle gegee het, se hart seer maak nie."* Ons kan Hom seer maak met leuens; toorn; vuiltaal en bitterheid (Ef. 4:25-32)

'n Duif is rigtingvas. Dink maar aan posduiwe en hoe hulle hul rigting terug vind na hul huise. God se Gees sal jou altyd rigting gee. Jesus se woorde in Joh. 16:13 is so treffend: *"Maar wanneer Hy gekom het. Die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei..."* Vertrou Hom om jou duidelike rigting te gee in jou besluite.
Maar vertrou Hom ook om jou dierbares weer rigting te gee terug na God.

'n Duif het geen galbaas nie. Daar is geen bitterheid in God nie! Hoe meer jy God se Gees toelaat in jou lewe, hoe meer verdwyn pyn en bitterheid.

Gee plek vir die Heilige Gees en begeer soos wat Dawid eendag tot God gebid het: *"...neem u Heilige Gees nie van my weg nie."* (Ps. 51:13)

# **"Niks"**

**Johannes 15:5** *"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle **niks** doen nie."*

'n Besoekende prediker het oor die naweek in ons gemeente 'n besondere boodskap gebring, en sy tema was **"Niks"** volgens ons teks hierbo. (Joh. 15:5)
By God is daar nie iets soos niks nie. Hy maak in elk geval van "niks" enige iets wat Hy wil maak, want by Hom is alle dinge moontlik. Volgens Job. 26:7 het God die aarde opgehang aan 'n "niks"
Dit is God wat vir jou vandag sê: *"want sonder My kan julle **niks** doen nie." Asook: "Wees oor **niks** besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God." (Fil. 4:6)*
Bedink ook die volgende Skrifgedeeltes:
Spreuke 13:4 *"Die siel van die luiaard begeer, en daar is **niks** nie,(menende hy kry niks nie) maar die siel van die vlytiges word versadig"*
1 Kor. 13:2 Leer ons 'n groot waarheid oor liefde, naamlik: Al sou ek alles weet en ek het groot geloof maar *"ek het nie die liefde nie, dan sou ek **niks** wees nie"*
2 Kor. 6:10 wys ons hoe ons moet leef: *"as bedroefdes, maar altyd opgeruimd; as armes, maar wat baie ander ryk maak; as mense wat **niks** het nie en tog alles besit."* En asb. vergeet nooit 1 Tim. 6:7 nie: *"Want ons het **niks** in die wêreld ingebring nie; dit is duidelik dat ons **niks** daaruit kan wegdra nie."*
Jakobus 1:4 *"Maar die lydsaamheid (volharding) moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in **niks** kortkom nie."*

Een ding weet ek en dit is dat God van niks iets kan maak.
Ook weet ek dat Hy nooit halwe werk doen nie!

# Wakker die gawes aan

**2 Timotheüs 1:6** *"Om hierdie rede herinner ek jou daaraan om die genadegawe van God aan te wakker wat in jou is deur die oplegging van my hande."*

Die nuwe vertaling: *"die genadegawes moet soos 'n vuur aangeblaas word."* The Amplified Bible says: *"stir up – rekindle the embers (die kole) fan the flame and keep burning the gift of God...that is in you..."*

Dit is treffend om te sien dat God se gawes wat ons moet aanwakker in ons is.
Ek weet nie hoekom ons altyd alles wat ons nodig het soek asof dit van buite af moet kom nie? Een van die Engelse vertalings vertel ons watter wonderlike Heilige Gees God aan ons gegee het: Joh. 15:26 *"But when the Comforter (Counselor; Helper; Advocate; Intercessor; Strengthener) comes...He will testify regarding Me." (Amplified Bible)*
Ja die Heilige Gees is ons Raadsman; Berader; Helper; Advokaat; Middelaar; asook die een wat ons versterk. God se Gees is meer as net 'n geestelike ondervinding.

Jy moet seker maak waarvoor die Here jou geroep het en wat Sy doel is in jou lewe, want jy sal alleenlik 'n vervulde mens wees as jy doen waarvoor God jou geroep het.
Jy vra my: Hoe wakker ek God se gawes aan in my lewe?
Jy sal 'n passie voel brand in jou hart wat die Here wil hê jy moet doen. Doen dit!
Bid oor die gawe (hierdie passie) wat in jou hart is en bekom alle kennis rakende hierdie gawe, veral wat die Bybel daaroor leer. Maar moenie net bid en lees nie, spring aan die werk en beoefen jou gawes soos wat daar geleenthede kom.

As jou gawe is om vir siekes te bid, moet jy nie net vir iemand sê jy sal aan hulle "dink" nie...gaan bid vir hulle! Dit geld vir enige gawe in jou.

## **"Herstel ons, o God."**

**Psalm 85:5** *"Herstel ons, o God van ons heil…"*
Die Boodskap: *"God, verander tog ons omstandighede. Kry ons weer jammer."*

Die woord "herstel" het ek in drie woordeboeke nageslaan, en gevind dat dit die volgende beteken: "Terugplaas; terugbring na die oorspronklike toestand; genees en ongedaan maak"
In 'n Engelse woordeboek het ek hierdie woorde gevind:
*"Restore means to cause it to exist again as it was."*
Dit is hoe God ons as mens wil herstel.

In die Ou Testament is daar 'n treffende voorbeeld waar God Nebukadnesar as koning herstel het. (Dan. 4) Hy het homself verhoog en God het hom toe soos 'n bees in die veld, vir sewe jaar lank, gras laat eet. Maar toe Nebukadnesar weer God begin aanbid het was sy se eie woorde: *"In dié tyd het my verstand in my teruggekeer…my majesteit en my glans het in my teruggekeer…en ek is in my koningskap herstel…"*
(Dan. 4:29-37) God kan dieselfde vir jou en my ook doen.

Wat moet in jou lewe herstel word?
Is dit miskien ware blydskap? Die blydskap in die Here is ons beskutting (Neh. 8:11) Blydskap is soos 'n muur om ons, en sal ons beslis beskerm teen moedeloosheid en watter aanvalle ookal. Vind dinge wat jou bly maak, soos dat die Here jou Sy kind gemaak het, en verbly jou daarin.

God kan herstel en alles weer nuut maak in ons lewens, sodat ons inderdaad 'n nuwe skepsel in Hom kan wees. (2 Kor. 5:17)

Ons verhouding met die Here sal Hy ook herstel indien ons bereid is om meer Sy Woord te lees en meer te bid.

# Wat maak ek met stres?

**Handelinge 20:24** *"Maar ek bekommer my glad nie en ek ag ook my lewe vir myself nie dierbaar nie..."*

Deur nie bekommernis en stres toe te laat om hom te oorheers nie, kon Paulus 'n lewe van sukses leef. Derhalwe kon hy sê: *"sodat ek met blydskap my lewe kan volbring en die bediening wat ek van die Here Jesus ontvang het"*
Indien jy en ek sukses wil bereik sal ons moet weet hoe om stres te oorwin.

Ek kan jou sekerlik iets leer oor stres, want in 2006 het stres my hartare laat platval.
Die hartspesialis het gesê dat my probleem nie cholesterol was nie maar stres. Soveel so dat drie are 93% toe was en die hoofaar 99%. As gevolg daarvan moes ek 'n vyf hartomlynings-operasie ondergaan het. Alles as gevolg van stres!
Ai, as ons maar net wil luister na Jesus se raad oor stres en bekommernis in Matt. 6:25-34.

<u>My raad aan jou hoe om stres te oorwin wil ek soos volg opsom:</u>

- Doen introspeksie (ontleed jou binneste) en wees eerlik met jouself.
- Identifiseer jou probleem sodat jy dit 'n naam kan gee. Iets wat nie 'n naam het nie is moeilik om te hanteer. Jy kan alleenlik iets wat 'n naam het onder jou voete sit, volgens Ef. 1:22,23. (As jy iets "onder jou voete sit" meen dit dat jy oor dit heers.)
- Spreek dan jou probleem aan deur God se Woord. Kry tekse in die Bybel wat jy kan gebruik teen jou probleem.
- Vind iemand betroubaar met wie jy jou hartsake kan deel. Daar is groot krag in saamstem volgens Matt. 18:19.
- Luister na goeie musiek en kyk nie na Tv programme wat jou ontstel nie.
- Leer om weer te lag!

## Ons skuld is ten volle betaal

**Kolossense 2:14** *"Hy het 'n streep getrek deur die rekening van ons skuld...God het hierdie rekening tot niet gemaak toe Hy dit teen die kruis vasgespyker het."*
*(Die Lewende Bybel)*

Daar is so baie Christene vandag wat leef onder skuld.

<u>Kyk wat het God met ons sondes gedoen wat Hy vergewe het!</u>
Psalm 103:12 *"So ver as die Ooste verwyderd is van die Weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge (ons sondes) van ons."* Waar is Oos en Wes? Niemand kan sê nie. Ons weet waar Noord en Suid is, maar nie waar Oos en Wes is nie. Dit kom hierop neer dat God ons sondes wat Hy vergewe het so vêr van ons verwyder dat ons dit nooit weer sal vind nie.

Jesaja 44:22 *"Ek delg jou oortredinge uit soos 'n newel en jou sondes soos 'n wolk"* 'n Newel is mis wat naby die grond is, en veroorsaak dat 'n mens nie mooi jou pad vorentoe kan sien nie. Wanneer God ons vergewe het, dan neem Hy alles weg sodat ons weer duidelik ons pad vorentoe kan sien.

Jeremia 31:34 *"Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie."* As God nie daaraan dink nie, moet jy en ek ook nie daaraan dink nie.
God het jou vergewe...nou moet jy jouself ook vergewe.

Gaan staan alleen voor 'n spieël, en praat met jouself.
Sê vir jouself: *"Die Here het 'n streep getrek deur al my sondes, asook alle negatiewe dinge wat met my gebeur het...daarom is ek totaal sonder blaam!"*
Glo dit, en leef daarvolgens!

## Verskillende maniere om God te prys

**Psalm 100:4** *"Gaan Sy poorte in met lof, Sy voorhowe met lofgesang; loof Hom, prys Sy Naam."*

In hierdie Skrifgedeelte word vier maniere genoem hoedat ons God kan prys.

**Die eerste woord wat as "lof"** hier vertaal is kom van die Hebreeuse woord "todah" wat beteken om met uitgebreide hande in bewondering God te prys. Dit is nie net om jou hande op te steek nie, maar dit te doen met bewondering.

**Die tweede woord wat hier gebruik word is "lofgesang"** en dit kom van die woord "tehillah" wat beteken om al singende die Here te prys. As kind van die Here is ons mense wat 'n lied in die hart het!

**Die derde uitdrukking wat ons hier vind is "loof Hom"** wat kom van "yadah" en beteken om ons hande hoog op te steek voor (en vir) God. Ons vind 'n baie goeie voorbeeld hiervan in Nehemia 8:6,7.

**Die vierdie uitdrukking hier is "prys Sy Naam"** wat kom van die woord "barak"

"Barak" is wanneer ons God prys met ons besittings, soos wat Dawid dit gedoen het in 1 Kronieke 29. Dit sal goed wees as jy die moeite doen om dié hoofstuk te lees.

'n Engelse vertaling van die Bybel sê dat Dawid $85 miljoen se goud gegee het as 'n lofoffer aan God! (1 Kron. 29:3-5) Bereken dit self in Rand.

"Barak" se letterlike betekenis is: *"om God te verklaar as die oorsprong van krag, voorspoed en vrugbaarheid."*

Besluit om God vandag met meer oorgawe te loof en prys!! Doen dit met opheffing van jou hande; singende en selfs met iets tasbaar.

In Engels sal ons sê: *"Just do it"*

**Hoekom salf God ons?**
**Jesaja 45:1** *"So sê die Here aan sy gesalfde, aan Kores..."*

Wie was Kores en waarom het God hom gesalf?
Kores was 'n Persiese koning wat Babilon verower het in die tyd toe Israel as slawe in Babilon was. God het koning Kores gesalf aan die einde van Israel se 70 jaar in ballingskap. Israel het vir 490 jaar nie hul sabatte gehou nie en derhalwe het God hulle uit hul beloofde land (Kanaan) geneem en weggevoer na Babilon, sodat die land vir 70 jaar kon rus. (Lees gerus Lev. 25:3,4 asook 2 Kronieke 36:20-21)
Koning Kores was deur God gesalf om Israel weer terug te stuur na hul land sodat hulle die tempel in Jerusalem kon herbou. God salf altyd met 'n doel.
Toe God hom gesalf het, het dit die belofte ingesluit dat die Here sy hand vas sal hou en deure vir hom sou oopmaak (en selfs oopbreek) asook sy hoogtes gelykmaak en voorsien in die skatte wat hy nodig gehad het. (Lees verse 1-3 met aandag)
Moenie sê dat dit net 'n boodskap aan koning Kores was nie, want ek glo dit is 'n boodskap aan jou en my vir vandag.

Ek praat met jou as gesalfde van die Here, en my boodskap aan jou is dat jy moet weet dat die Here jou hand hou. Raak bewus daarvan.

Besef jy dat God jou deure vir jou sal oopmaak en alles voor jou gelyk gaan maak? (verse 1,2) God roep ook die volgende oor jou uit...*"En Ek sal jou <u>die skatte</u> gee wat in die donkerheid is en die verborge <u>rykdomme</u>, sodat jy kan weet dat Ek die Here is wat jou by jou naam roep..."*

Mag die Here jou kragtig salf en ook voorsien in jou finansies. Mag jy genoeg hê, om genoeg vir ander te kan gee. (2 Kor. 9:8)

## Goeie finansiële raad

**2 Korinthiërs 9:6** *"Maar dink daaraan: Wie spraarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai."*

**Verstaan wat beteken die begrip: "Saai en Maai"**

Ek gebruik woorde soos "Saai en Maai" omdat dit 'n Bybelse boodskap is.

- Geld is verseker Saad 2 Kor. 9:6-8
- Iets wat jy reeds nou het om te gee is die sleutel tot jou voorspoed
- Wanneer jy laat los wat in jou hand is, sal God laat los wat in Sy hand is
- Gee jou Saad 'n "Naam" wanneer jy dit saai. M.a.w Vertel vir die Here waarvoor gee jy die saad.
- Elke keer wanneer jy jou saad vermeerder, dan vermeerder jou oes
- As jy 'n nood het, saai 'n saad Moenie net oor jou nood bid nie.

**Moenie jou eiers in een mandjie hou nie.**

**Prediker 11:2** *"Hou jou besittings op sewe, selfs op agt plekke, want jy weet nie watter teëspoed oor die land kom nie..."*

*Die Boodskap vertaal dit soos volg: "Waag soms 'n kans met 'n belegging. Wie weet, dit verras jou dalk nog eendag. Versprei dit net oor 'n paar plekke, want 'n mens weet nooit watter teëspoed jou nog in hierdie land kan tref nie."*

**Beveilig jou saad.**

**Rigters 6** (Die verhaal van Gideon)

Die Midianiete het jaarliks Israel se gesaaides verwoes (v. 3,4) en Israel verarm. Gideon het sy oeste beveilig. (v. 11)

Die Here sal jou help om dit wat aan jou behoort te beskerm teen hulle wat jou "saad" en "oeste" wil beroof. Moet net nie ophou om te "saai" nie!

# Dank God vir ons wapens

**2 Korinthiërs 10:4** *"...die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp." "For the weapons of our warfare are not physical (weapons of flesh and blood), but they are mighty before God for the overthrow and destruction of strongholds..." (The Amplified Bible)*

Ons wen of verloor in die wêreld wat ons nie met die blote oog kan sien nie. Efesiërs 6:12 stel dit soos volg: *"For we are not fighting against people made of flesh and blood, but against persons without bodies – the evil rulers of the unseen world..." (The Living Bible)*
Dank God vir die wapens wat Hy ons gegee het. Dit is nie fisiese wapens nie, maar dit is kragtige wapens waarmee ons enige aanslag van die siele vyand kan verslaan.

Met hierdie wapens wat God ons gegee het kan ons:
*"...planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God"*
'n Plan is iets wat nog nie uitgevoer is nie. Ons moet nie wag totdat die duiwel sy planne uitgevoer het nie. Die Bybel sê: *"want ons is nie met sy planne onbekend nie."* (2 Kor. 2:11)
Die oomblik as jy bewus word van die vyand se planne, het jy die mag om dit stop te sit en te verbreek.
Ons kan ook: *"...elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus."*
Ons kan alle hindernisse wat God se waarhede keer, afbreek en verwyder, sodat mense kan glo.

Bid saam met my: *"Here, ons dank U vir die wapens wat U ons gegee het. Elke muur wat die vyand opgebou het breek ek af en elke gedagte maak ek gehoorsaam aan U, want ek bid dit in die Naam van Jersus Christus."*

## Hoop, die bloudruk van geloof

**Hebreërs 11:1** *"Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie."*

Volgens Rom. 5:5 stel hoop ons nie teleur nie. Dit lees so: *"die hoop beskaam nie."*
Vir hierdie rede sê ons dat hoop ons nie sal teleurstel nie. Hoop gee verwagting. Hoop dien dus as 'n bloudruk vir geloof. Hoop is die plan wat geloof laat gebeur. Hoop is die prentjie wat die Heilige Gees in jou binneste geskilder het.

Geloof is die "substansie" (menende: waaruit iets bestaan)
Hoop is net die bloudruk.
Jy kan nie net 'n bloudruk neem en 'n huis daarmee bou nie, want 'n bloudruk is net 'n stuk papier. Maar as jy sekere "substansie" neem soos: sement, sand, bakstene en hout, kan jy wel bou.

Indien jou dokter jou laat weet dat jou kanse vir herstel maar skraal is, moet jy seker maak jou hoop is gebasseer op God se Woord wat sê in 1 Petrus 2:24 *"...deur wie se wonde julle genees is."* Jou hoop moet staan op die beloftes in Sy Woord. Dink aan Abraham. *"Hy het teen **hoop op hoop** geglo dat hy vader sou word van baie volke volgens wat gesê was:...(hy was 'n 100 jaar en Sara 90)...En hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie, maar hy is versterk deur die geloof ...en was ten volle oortuig dat Hy ook die mag het om te doen wat Hy beloof het." (Rom. 4:18-21)* Wees ook ten volle oortuig dat God vir jou gaan voorsien!

Ware Bybelse hoop is nie wensdenkery nie, dit is gebasseer op God se Woord. Hoop kom wanneer ons God se beloftes neem en dit gedurig oordink in ons harte.

## Nuwe wyn in nuwe sakke

**Lukas 5:38,39** *"Maar* *nuwe wyn* *moet in* *nuwe sakke* *gegooi word, en altwee word saam behou.*
*En niemand wat* *ou wyn* *gedrink het, wil* *dadelik* *nuwe hê nie;* *want hy sê**: Die oue is beter."*
*The Living Bible: "But no one after drinking the old wine seems to want the fresh and the new. The old ways are best, they say." (Verse 39)*

Die Fariseërs was soos ou wynsakke en kon nie iets nuuts van God ontvang het nie. Hulle was te vasgevang in hul godsdiens en tradisies. As mens hou ons ook nie van veranderings nie. Ons is geneig om vas te hou aan die "oue"

Ou leersakke kon wel weer gebruik word om nuwe wyn te ontvang, maar dit was eers vir sewe dae in soutwater geplaas. Daarna was dit omgedop en gewas en dan met olie gebrei om dit weer sag en bruikbaar te kon maak.

God soek ons as "nuwe wynsakke" sodat Hy ons kan vul om te gebruik in Sy diens. Onthou alles gaan oor: *"...nuwe wyn moet in nuwe sakke gegooi word, en altwee word saam behou."*

"Here, was ons dat ons skoon en rein kan wees. Deurweek ons met U olie, sodat ons sag en bruikbaar kan wees.
Maak ons dan vol van U Gees"

## God het my laat vergeet

**Genesis 41:51** *"En Josef het die eersgeborene Manasse genoem; want, het hy gesê, God het my al my moeite laat vergeet en ook die hele huis van my vader."*
*Amplified Bible: "For God has made me forget..."*

Dit is net die Here wat 'n mens kan help om die verkeerde verlede te vergeet.
Josef moes vergeet dat sy broers nie sy drome aanvaar het nie. Ook dat hulle hom in 'n put gegooi het en as slaaf verkoop het. Praat nie eers van die tyd toe hy in die tronk beland het nie. Nogal onskuldig. Hy was maar net 17 jaar oud toe hierdie nagmerrie in sy lewe begin het. Toe God hom gehelp het om te vergeet was hy al meer as 30 jaar oud.
Wat so treffend is dat die geboorte van sy eerste seun hom gehelp het om te kan vergeet. Alleenlik as God 'n "nuwe geestelike geboorte" in jou hart bewerk sal jy die verkeerde verlede kan vergeet. Dank God, 'n geboorte het nie 'n verlede nie, maar net 'n toekoms.
Mike Murdoch het gesê: *"What you're willing to walk away from, will determine what God will bring to you."*

Ons sal alleenlik oorwin indien ons kan kom waar Paulus was in Fil. 3:14 waar hy uitgeroep het: *"...ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is..."*
God kan ons help om te vergeet maar dan moet ons vergewe. Jy vergewe nie net as iemand daarvoor vra nie. Jy vergewe omdat jyself vry wil wees.

Jy het die sleutel in jou eie hand om jouself vry te maak.
Vergewe en spreek vry. Ek weet die Here sal jou help.

## Die seën van sondevergifnis

**Psalm 32:1** *"Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is."*

*"Jy is baie gelukkig as die Here jou al jou verkeerde dade vergewe" (Die Boodskap)*

*"What happiness for those whose guilt has been forgiven! What joys when sins are covered over! What relief for those who have confessed their sins and God has cleared their record." (The Living Bible)*

Vir 6000 jaar bly sonde die mens se grootste probleem. Dit was sonde wat die eerste mensepaar uit die paradys verdryf het. Dit was sonde wat die sondvloed gebring het en die aarde oordek het met water. Dit was sonde wat Jesus aan Golgota se kruis vasgespyker het. Ek wil dramaties raak en uitroep: "Sonde, dit is jy wat elke graf gegrawe het. Sonde dit is jy wat die mens van God geskei het. Sonde dit is jy wat baie eenmaal uit die hemel sal hou!"

Ek dink aan woorde wat ek eenmaal op 'n grafsteen gelees het. Die naam van die persoon wat daar begrawe was, was nie op die grafsteen nie, en daar was net een woord en dit was in Engels uitgegrafeer, naamlik: *"Forgiven"*

Dank God vir mense wat vergifnis van hul sonde ontvang het. Ek onthou nog as sestienjarige toe die Here my genooi het om gereinig te word van my sondes, dit is soos gister, naamlik Jesaja 1:18 *"Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die Here: al was julle sonde soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol."*

Word stil waar jy is en dank die Here ook opnuut vir jou sondes wat vergewe is.

## Daar moet 'n onderskeid wees

**Maleagi 3:16** *"Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie."*

Maleagi se probleem was met Jode wat swak offers aan God gebring het, en Hom beroof het van tiendes.
Lees gerus Mal. 1:7,8 en Mal. 3:8-10.

Oswald Smith (een van die grootste geestelike leiers van Toronto) het eenmaal gesê: *"The Church has become so worldly and the world so churchy, that you cannot distiquish the one from the other."*

<u>Daar moet 'n verskil wees tussen ons as gelowiges en hulle wat God nie dien nie:</u>
As ons besig is om te bestuur, moet ons gedrag uitstaan bo hulle wat woede toelaat om hulle te beheer. Dit help nie dat ons 'n "vissie" agter op ons motor het en ons gedra ons nie op die paaie nie.
Wanneer ons in 'n winkel se groente en vrugte rakke die bestes vir ons uitsoek, moet ons nie die rak in 'n swak toestand agter laat nie.
As ons badkamer geriewe gebruik moet ons alles netjies laat, sodat die volgende persoon met vreugde dit te kan gebruik.
Ek hoor gelowige besigheidmense, wat sê: "Ek doen nie besigheid met iemand wat sê hy is 'n 'broer' nie, want baie keer is dit hulle wat jy nie kan vertrou nie."

Kom ons besluit om so te leef dat almal kan sien ons is nie soos ongelowiges nie.

## Wat verseker God se heerlikheid?

**Hebreërs 9:4,5** *"...die ark van die verbond..., **waarin** die goue kruik met die manna was en die staf van Äron wat gebloei het, en die tafels van die verbond..."*

Levitikus 1:2 vertel ons dat God se heerlikheid gerus het op die verbondsark. Die hoofrede hiervoor was dat die verbondsark die volgende beskerm het, naamlik: Die manna (Ex. 16:14,15) – die staf van Aaron – die kliptafels (tien gebooie)
Volgens Exodus 16:33,34 het Israel vanaf die eerste dag toe God manna gegee het dit in 'n kruik geplaas in die verbondsark. Geslagte daarna was dit nog net so vars, omdat dit beskerm was deur God se heerlikheid. Hierdie kruik met manna was bewaar in die verbondsark as 'n getuienis van God se voorsiening in al die jare wat Israel getrek het deur die woestyn. Normaalweg het manna net gehou tot die volgende dag voordat dit vol wurms geraak het.
Indien jy God se teenwoordigheid wil verseker in jou lewe moet jy nie vergeet wat Hy vir jou gedoen het nie.
Die tweede wat ons gevind het in die verbondsark, was "die staf van Aaron." 'n Staf in die Bybel spreek van gesag. Dink maar aan al die gevalle waar God Aaron se staf gebruik het. (Ex. 7:10,20; 8:5,16)
Indien jy God se teenwoordigheid begeer sal jy seker moet maak dat jy nie jou geestelike gesag in die Here verloor nie.
Daar was ook "die kliptafels" of soos ons dit ken "die tien gebooie" God se heerlikheid het Sy wette beskerm in die ark. Indien jy verlang dat God jou moet seën in alles wat jy doen, sal dit nodig wees om Sy Woord in jou hart te bewaar.
Baie wil leef soos hulle wil, en tog verwag hulle God se seën in hul lewens. Dit kan mos nie gebeur nie?

As jy God se teenwoordigheid begeer, doen die volgende:
Laat die Here se voorsiening altyd iets kosbaars wees.
Moenie die gesag wat die Here jou gegee het verloor nie.
Wees ernstig om God se wette te bewaar, en te doen.

## Die Here maak (en hou) gesond

**Exodus 15:26** *"...Ek is die Here wat jou gesond maak."*
Die Boodskap: *"Ek is die Here. Ek sal sorg dat jy gesond bly."*
Die Nuwe vertaling: *"...want dit is Ek, die Here, wat julle gesond hou."*

Dit is die eerste belofte, van genesing, wat God aan Israel gegee het. Dit was gegee so pas nadat Hy hulle verlos het uit Egipte en hulle vir 430 jaar slawediens verrig het. Met al die harde werk wat hul moes doen, en alles wat jy maar kan aan dink wat hul moes deurmaak as slawe, kon hulle nie die gesondste volk op aarde gewees het nie.
Maar nou, in een nag, vind een van die grootste wonders op aarde plaas, en dit is dat God hulle as volk gesond maak en beloof om hul gesond te hou, indien hulle na Sy gebooie luister en dit doen.

Lees Psalm 105:37 dan sal jy vind dat Israel nie alleen met baie besittings Egipte verlaat het nie, maar dat daar niemand onder hulle was wat swak en siek was nie.
Van al die vertalings vind ek "The Living Bible" se vertaling van Psalm 105:37 die treffendse. Dit lees so: *"...and (He) brought His people safely out from Egypt loaded with silver and gold; there were no sick and feeble (swak) folk among them."*
Niemand wat siek was nie, en dit nadat hulle as nasie vir 430 jaar slawediens gedoen het. Ja, die Bybel sê dit, en daarom glo ek dit. Ek glo dit net soos wat ek Deut. 29:5 glo, naamlik: *"En Ek het julle veertig jaar lank in die woestyn laat trek; julle klere het aan julle nie verslyt nie, ewemin jou skoen aan jou voet."*

Die Here wil ons gesond maak en gesond hou.
Glo dit vir jouself en bely dit oor jou geliefdes.

# Die Christus gesindheid

**Filippense 2:5** *"Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was."*

'n Studie van Filippense een en twee sal die moeite werd wees, rakende ons gesindheid. "Gesindheid" is hoe jy dink en voel teenoor enige iets en mense. Dit sal wys in jou optrede.
Die Boodskap se vertaling van hierdie teks sal ons help om dit beter te verstaan, naamlik: *"Julle moet Christus Jesus se voorbeeld volg. Soos Hy oor dinge gedink en gevoel het, so moet julle ook daaroor dink en voel."*
Paulus het duidelik gewys watter soort gesindheid in hom was wanneer hy in die eerste hoofstuk aan die gemeente van die Filippense die volgende skryf: *"Ek dank my God elke maal as ek aan julle dink – en ek bid altyd in al my gebede vir julle almal met blydskap..." (verse 3,4)* Jy sal slaag as iemand met die regte gesindheid as jy dankbaarheid ondervind wanneer jy aan jou mede gelowiges dink en met eerlikheid kan vertel dat jy altyd vir ander kan bid met blydskap. Toets jouself hierin.
Dan skryf Paulus verder: *"En ek wil hê dat julle moet weet,...dat wat my wedervaar het, eerder op bevordering van die evangelie uitgeloop het." (vers 12)* Jou tweede toets om te bewys dat die regte gesindheid in jou is, sal wees as jy so kan leef dat jy oortuig is dat die dinge wat met jou gebeur sal bydra tot die bevordering van die evangelie.
Iets wat bo twyfel jou regte gesindheid sal wys is wanneer jy kan sê soos Paulus: *"Sommige preek Christus wel ook uit afguns en twis, maar ander ook uit welwillendheid...Maar wat maak dit? In alle geval, op allerlei wyse, of dit onder 'n skyn of in waarheid is, word Christus verkondig; en hierin verbly ek my en sal ek my ook verbly." (verse 15,18)*
Ai, dit sal wonderlik wees as Christene sal ophou om predikers te beskuldig en aan te kla.

Kom ons besluit om te werk aan ons gesindheid.
Ja, hoe ons dink en voel oor enige iets en oor mense.

# God hou van jou

**Prediker 2:26** *"As God van iemand hou, gee Hy hom wysheid en kennis en geluk. Al die ander moet hard werk en al hulle geld spaar sodat dit weer aan daardie mense van wie God hou, gegee kan word."* (Die Boodskap)

Hierdie besondere Skrifgedeelte was al baie keer verkeerdelik gebruik. Tog in alle vertalings wat ek gelees het bly dit vir my 'n uitstaande gedeelte. Dit kom hierop neer dat indien jy 'n toegewyde lewe aan God leef sal Hy jou wysheid en kennis en vreugde gee; en daarby sal Hy ook vir jou finansies gee, al is dit wat ander hard voor gewerk het. Dit meen nie dat jy as gelowige lui kan wees en nie hard hoef te werk nie, maar dit meen dat as jy getrou God dien sal Hy vir jou voorsien al moet Hy sondaars die taak oplê om vir jou bymekaar te maak.
Ons Skrifgedeelte pas mooi in by die woorde van Jesus in Matt. 6:33 *"Maar soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid (m.a.w. leef vir God!) en al hierdie dinge (wat jy moet eet, drink en aantrek...ja, alle materiële dinge) sal vir julle bygevoeg word."*

Ek weet daar is baie toegewyde Christene wêreldwyd wat baie swaar kry en arm is. Daarvoor het ek nie 'n antwoord vir jou nie, maar een ding leer ek in die Bybel en dit is dat die Here die rykdomme van hierdie wêreld wil gee aan Sy kinders wat Hy kan vertrou.
As ek in besigheid was sou ek Pred. 2:26 lees totdat ek dit ten volle verstaan en geglo het.
Glo ook opnuut in 2 Kor. 9:8: *"God kan julle so oorlaai met Sy goedheid dat julle altyd sal hê wat julle nodig het, sodat julle vir ander ook baie kan gee." (Die Lewende Bybel)*

<u>Sê vir jouself</u>:
"God hou van my, daarom sal Hy my wysheid, kennis en geluk gee. Asook finansies wat ek nodig het."

# Eet die Woord

**Jeremia 15:16** *"Toe U woorde gevind is, het ek hulle opgeëet, en U woord was vir my vreugde en vrolikheid vir my hart..."*

Saam met Jeremia kan ons sekerlik getuig dat God se woord vir ons ook vreugde bring elke keer wanneer ons dit lees.
Eségiël het ook eenmaal 'n besondere ondervinding gehad toe God hom letterlik die perkament rol, laat eet het.
In Eségiël 3:3 lees ons: *"En ek het dit (die rol) geëet, en dit was in my mond soos heuning so soet."*
Ons hoef nie letterlik die Bybel te eet nie, maar dit sal vir ons geestelike voeding wees soos wat ons lees in 1 Petrus 2:2 *"...en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk (die skoon geestelike melk) van die Woord, dat julle daardeur kan opgroei..."*
Net so min as wat 'n baba kan opgroei sonder melk, kan ons as Christene geestelik groei sonder God se woord.
Iemand het die volgende geskryf oor die Bybel, naamlik: 'Die Bybel bevat die wil van God...sy leerstellings is heilig, sy bevele bindend. Lees dit om verstandig te wees, en beoefen dit om heilig te wees.. Lees dit stadig, dikwels en biddend. Dit is jou padkaart en jou kompas. Christus is die grootste onderwerp daarvan, ons welsyn die opset, en God se eer die doel.'
Jesus het gesê: *"Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan."*
God se woord sal jou swaard wees waarmee jy elke aanslag van die sielevyand sal oorwin. (Heb. 4:12 Ef. 6:17)
Dit sal wees soos 'n hamer wat 'n rots vermorsel. (Jer. 23:29)

Mag jy daarmee elke rots van siekte; finansies asook aanvalle op jou gesin vandag totaal stukkend slaan en vernietig!

# Vriend van God

**Johannes 15:14** *"Julle is My vriende as julle alles doen wat Ek julle beveel."*
*"Julle is my vriende; julle almal wat leef soos Ek van julle verwag."* (Die Boodskap)
*"You are My friends, if you keep on doing the things which I commanded you to do."* (The Amplified Bible)

Die Bybel praat van twee vriende van God. Abraham en Moses. Abraham was 'n vriend van God. Ons lees dit in Jak. 2:23 *"En die Skrif is vervul wat sê: En Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken, en hy is 'n vriend van God genoem."* (Lees ook 2 Kron. 20:7)
Moses word ook genoem as 'n vriend van God. Ons lees in Ex. 33:9,11 *"En as Moses in die tent ingaan, kom die wolkkolom af en gaan by die ingang van die tent staan...Dan spreek die Here met Moses van aangesig tot aangesig soos 'n man my sy vriend spreek..."*

Dadelik sal jy voel dat jy tog nie soos Abraham of Moses kan wees nie, of selfs soos Elia die magtige profeet wat kon bid dat dit vir meer as drie jaar nie sou reën nie. Gelukkig is daar 'n teks in 1 Pet. 5:17 wat so lees: *"Elia was 'n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie;"*
Moet nooit voel dat jy nie sekere dinge kan bereik nie. God is in elk geval nie 'n aannemer van persoon nie.
God wil jou "beste vriend" wees. Natuurlik gee ons altyd respek aan Hom as 'n heilige God, maar Hy is nooit sovêr weg dat ons nie met Hom as vriend kan gesels nie. Doen dit sommer nou!

Begeer jy, soos ek, om 'n vriend van God te wees?
Die antwoord is eenvoudig: Moenie ophou om in God te glo nie, en wees Hom gehoorsaam!